UNIVERSITEIT STELLENBOSCH | JOURNALISM DEPARTMENT

# LIP '10

## woordfees

**MARCH 1–7**



FOTO: WILLEM VAN DER BERG



**TRUMPET TRIO** Keith Muller, Elonardo Scheffser and Timothy Braaf from Eersterivier take part in the Mardi Gras talent competition with the rest of their band, the Caledonian Roses. PHOTO: VANESSA SMEETS

# Mardi Gras talent lacks support

**MARDI GRAS.**
DIE BRAAK, 6 MARCH 2010.

**NICOLE MCCAIN**

It's hot. Really hot. But this doesn't seem to deter the throngs on the street going to Woordfees events. With this in mind, I find it surprising that Die Braak, the park in the centre of town, is almost empty. Die Braak is the venue of Mardi Gras, the Woordfees community festival. If the write-up in the programme was anything to go by, there should be families having picnics and children playing games like the three-legged race.

However, there are only a few spectators – mainly the parents of the local teenagers who are performing in the competition held as a Woordfees initiative to develop local talent. Even the rides and stalls are half empty, and there is only a mild interest around the stage for students from the schools and clubs in the area.

It's a strange phenomenon, this. People will pay R100 to see a local artist or attend a discussion at Woordfees, but they don't support the local talent they don't have to pay for.

And there is definitely no shortage of talent in Stellenbosch schools, with the dance group No One Dances Alone from Cloetesville giving an outstanding performance. They were followed by the William Lloyd Senior Drum Majorettes and the Kayamandi High School Choir.

The Stellenbosch residents that did turn out seem to think the concert is a great idea, with many of them citing the competition as a way to keep children off the streets. Aqeela Waja, who runs Fatima's Food Stall, believes this kind of concert keeps the community together. The initiative also boosts local businesses.

The question is, how do you give a fundamentally community-based project the same status as that of the widely renowned artists performing at Woordfees?

## *Creating drumming passion*

**VANESSA SMEETS**

It's a warm summer evening at Eendrag, a men's residence at Stellenbosch University. Although there are less people than last year at the annual Drum Café, it attracts a variety of students, lecturers, children and parents. Studious res students even climb out of their windows to watch the show and participate.

Arriving 30 minutes late, the six men from Cape Town's Drum Café finally begin to assign the audience different tasks – some have to whistle, clap or shout. Others place their drums between their knees, waiting to be told what to do. This is the djembe drum from West Africa – "djembe" meaning "everyone gather together" in Mali slang. The drum's sound is determined by the distance between your fingers and not really by how hard you slap the hide.

There's a silence before the drumming starts: a mixed anticipation of wanting to perform versus watching the professionals. With sweat droplets on their brows, the drummers from South Africa, Malawi and the Congo teach a predominantly Afrikaans audience how to whistle, shout and chant like warriors. "Faster, faster, faster!" Themba Pondo, the facilitator, urges. He laughs as the audience struggles. The pace on the animal hide increases. The audience is mesmerized.

Friends laugh, concentrate and lose track of their hands as the beats change. The audience's chatter blends into the rhythm of their hands working side by side. Suddenly, there is silence. "Let's do it again!" a little girl in a white dress shouts.

The pace builds up. With hearts racing and palms sweating, it's harder to keep up. The African music and chanting in the background becomes louder. The audience craves more. There is a gnawing need to continue, despite hands burning on the hide.

After an hour, the audience can finally keep up. The drummers watch and listen as the audience continues alone. "You have been taught well!" Themba says, his ebony skin glistening with sweat. The pace increases to a maximum, evoking emotions of anger and sadness in knowing it is over. As the pace decreases, there is sheer joy in knowing that you were part of it.



**DRUM TILL YOU'RE NUMB** Cape Town's Drum Café comes to Stellenbosch students at Eendrag. PHOTO: VANESSA SMEETS

## VOX POP: MARDI GRAS 6 MARCH 2010 DIE BRAAK



Welma Maart brought her grandson Jordan to Mardi Gras. She feels it is important to have community-based projects such as the Mardi Gras, which aims to develop talent in the local schools.



"Marvellous!" was Charles Cox's opinion on the local talent displayed at Mardi Gras. He travelled from Salt River to Stellenbosch to see the Woordfees shows.



Aqeela Waja, who runs Fatima's Food Stall, feels local projects such as Woordfees are important because they keep families and the community together, and "keep the kids safe". She also appreciates the boost to her business.



Tourists also enjoyed the Mardi Gras. Cor Smit, a visitor from the Netherlands, says he enjoyed watching it and found it interesting to see so much diversity.

– NICOLE MCCAIN AND VANESSA SMEETS

LIP

EDITOR
Louise Ferreira

ASSISTANT EDITOR
Lynne Matthysen

PRODUCTION EDITOR
Luke Gertenbach

PHOTO EDITOR
George Miller


SUB-EDITORS
Lize Swartz
Nicole McCain

LAYOUT ARTISTS
Mari Beukes (chief)
Hein Scholtz
Nadine Theron
Reinhard van Biljon

PHOTOGRAPHERS
Marisa Geyer
Vanessa Smeets
Willem van der Berg

WRITERS
Willemien Calitz
Rozanne Engel
Jean Esterhuizen
Chivimbiso Gava
Nikita Geldenhuys
Niel Joubert
Moipone Kgatle
Maphuti Mannya
Renate Moolman
Loren Pienaar
Casper Strydom
Melissa Tighy
Gerda von Benecke

Universiteit Stellenbosch
Departement Joernalistiek
Crozierstraat 26
Stellenbosch
7600
021 808 2488
021 808 4965
www.sun.ac.za/journalism
lnewman@sun.ac.za



**CHILD PLAY** These two baby elephants capture the playful spirit of nature, which is endangered by materialism. PHOTO: GEORGE MILLER



**GENESIS GENESIS JESUS** by Andries Botha is both a study in contrast between light and dark, and an attempt to balance softness and rigidity. PHOTO: MARISA GEYER

Andries Botha displays his work at the Sasol Art Museum in Stellenbosch

# Saving the planet one sculpture at a time

**NIKITA GELDENHUYS**

What a strange idea, that elephants can save us from impending doom. But the two elephant sculptures in the main exhibition space of the Sasol Art Museum have travelled the world to remind onlookers of humankind's geological and emotional destruction, and of a humanity that seems to have been lost in an age of materialism.

"We are in trouble, big trouble," says Andries Botha, world-renowned South African artist, on the opening night of his exhibition in the kykNET-Boektent. Botha has brought sculptures from Durban to Stellenbosch to form part of his first official exhibition in South Africa in six years.

He has created 17 elephant sculptures within the last several years. Two of these are of six-to-eight-month-old baby elephants and can be seen in the Sasol Art Museum. Botha made life-sized steel frames and used strips of recycled tyre to weave the elephants' outer bodies. The elephants are a symbol of the ecological and emotional disaster that Botha believes humans are approaching.

Botha explains: "We are in trouble because we are not only nearing a physical and geological breakpoint, but also an emotional and political breakpoint. We are stuck in our own rationality, our intellectuality makes us vulnerable."

Botha sees a world committing mass suicide through an obsession with materialism. To him the elephant is a metaphor enabling people to start thinking of their own role in the ecological dilemma.

"The solution must come from the heart. We must find the solution there and work it back into our rational intellect. I need people to ask: What is it that we are going to draw on in order to solve the problems that we have created?"

It may be for this reason that Botha's elephant sculptures in Antwerp have been pronounced as the most well-known contemporary symbol in Europe. Strangely enough, when he was a boy, the only piece of art in his family home in Durban was a Tretchikoff print.

One is still able to see a bit of the young South African boy in Botha. On opening night he is not the celebrity, but indiscernible from the crowd. He wears faded blue jeans and a navy shirt. He speaks quietly and seems withdrawn.

He also doesn't want to talk too much about his art. "I leave it to the audience. I want to awaken the intellect of the imagination." This tall, humble man doesn't have unrealistic expectations of his work.

"I don't think I am pretentious enough to believe that an elephant will change things," says Botha.

He believes, though, that people are now more than ever conscious of the earth's changing climate. "I would like to see the levels of conversation between us increasing on the problems that we face," Botha says.

If Botha's art can achieve only this dialogue, it might be enough to save endangered species. Without individuals like Botha, artworks might in due time be one of the only physical reminders we will have left of animals such as the elephant.

# *Die maskers van Leipoldt en Marais*

**MASKERMAAN.**
MET GERBEN KAMPER, PETER TALJAARD, BABES MPATSENG, MARIA DE KOKER. REGIE: NICO LUWES. JAPIE KRIGE-SAAL, MAANDAG 1 MAART, 18:00.

**WILLEM VAN DER BERG**

Soms praat die dooies. En wanneer die donker vir hulle te veel word, soek hulle mekaar op.

*Maskermaan* is so 'n ontmoeting. Eugene Marais (Gerben Kamper) en C. Louis Leipoldt (Peter Taljaard) kom vir een aand bymekaar. Albei is groot digters, maar met uiteenlopende gedagtes. En binne elkeen is daar 'n onstuimige see van gevoelens en herinneringe. Die aand word 'n skaakspel waarin woorde rondgeskuif word. 'n Volmaan werp lig op die toneel.

Marais se skuiwe is wild. Sy oë is angstig. Sy hande beweeg vinnig, asof hulle bang is die tyd gaan te vinnig uitloop. Leipoldt skuif versigtig. Beweeg net pionne en stel 'n laer van verdediging op.

Die bord kantel egter en die stukke val om. Die spel raak 'n warrelwind. Woorde waai deurmekaar en die spelers se vrese hang in die lug.

*Maskermaan* is geskryf deur Cecilia du Toit en was 'n finalis vir die gesogte Nagtegaal-toekenning. Nico Luwes, die regisseur, het die teks gelees en besef dit kan nie verlore gaan nie.

"Dit is regtig 'n uitstekende teks. Ek het dit gelees en daai *gut feeling* gekry en gedink, ja *shit*, dit kan werk."



Stille waters, diepe grond . . .
FOTO: WILLEM VAN DER BERG

Sy keuse van akteurs wérk. Taljaard en Kamper speel al lank saam en volgens hulle is dit die wenresep vir *Maskermaan*.

"Wanneer jy akteurs soos Gerben en Pete bymekaar gooi, hoef die regisseur nie veel te doen nie," sê Luwes. 'n Mens sien net vir Marais en Leipoldt raak.

Hulle noem dat dit nie so maklik was nie.

"Dit was flippen *scary* om die teks die eerste keer te lees. Ons het gewonder, kan ons dit regtig goed genoeg speel? Ons het tyd gevat om eers die teks te ontdek."

Dit bly egter moeilike karakters en wie se skoene hulle klim. Marais se morfienverslawing maak van hom 'n spuwende vulkaan. Soms bars hy uit in 'n gedig, maar meestal is hy kru en bar.

Leipoldt is 'n lopende masker. Hy is die vroomheid self, maar die geraamtes in sy kas fluister deur die splete.

*Maskermaan* wys hierdie twee persone met en sonder hulle maskers.

# Chameleon wys kleur, Blohm rock blues

**GERDA VON BENECKE**



**JAN BLOHM** *groove* by Oude Libertas saam met sy *band*.
PHOTO: WILLEM VAN DER BERG

"Goeiemiddag Kapenaars!" Só groet Chris Chameleon 'n gehoor van 500 aanhangers op 'n stikwarm Sondag in Stellenbosch.

Jonk en oud het die goue status van Chameleon bevestig toe hul hom met ope arms ontvang het. Vir elke grappie het hulle gelag. Na elke storietjie het hul aandagtig luister.

Chameleon se sukses lê juis in hoe hy kan verkleur om te pas by sy gehoor. Hy vermaak hulle met geselsies oor die taal, grootword met die Kinderbybel, familiekuiers, wiskundehandboeke en treffers van die immer gewilde *7de Laan* – Chameleon kén sy Afrikaanse gehoor.

Dit was daarom ongewoon toe hy die kenmerkende akoestiese kitaar inruil vir 'n wit baskitaar en twee *songs* opvoer van sy dae in *Boo!*. Met sweet wat hom aftap, het selfs die opgewonde Chameleon erken dat dit "effe aan die rowwe kant is" – wel, vir sommiges.

Jan Blohm het, nes Chameleon, ook begin met 'n groetnis aan die Stellenbosse gehoor.

Dit was hiérdie keer wel net die "sommiges" wat die legendariese Jan Blohm-*band* ontvang het met polsende lywe en arms. Die grootste deel van die gehoor het nie geweet wát om van Blohm te verwag nie.

Tog het Blohm se sukses op dié aand gelê in sy vermoë om 'n waaksame gehoor nader te roep deur die energie van goeie Afrikaanse rock. Sonder geselsies oor die Stormers het dié rocker met sy sielsoekende lirieke 'n gehoor tot retrospeksie bekoor. Hier en daar was 'n aanhanger op hul voete – skaamteloos in beswymeling. Grof en diep bereik dit die gehoor oor die luidsprekers, "*Baby*…jou lýf lyk soos 'n Bybel."

Anders as Chameleon het Blohm van die gehoor verwag om by hom aan te pas. "Verskoon," sê hy. "Ek hou regtig van rock en *blues*."

## Wenners van die eerste WOORDtroFEES-toekennings (moontlik gemaak deur die ATKV)

**DRAMA** *As die broek pas*
**KLASSIEKE MUSIEK** *100 jaar van die Afrikaanse liedkuns*
**WOORDMUSIEK, KONTEMPORÊR EN ROCK** *Verse in my vingers – Breyten Breytenbach*
**HOOGSTAANDE VISUELE KUNSTENAAR** Richardt Strydom en Jaco Burger
**WOW-SKOOL: UITSONDERLIKE BYDRAE TOT DIE BEVORDERING VAN AFRIKAANS** Schoonspruit Sekondêr
**WOW INDIVIDUELE PRYS: DIE BEVORDERING VAN AFRIKAANS IN DIE GEMEENSKAP** Mary Wanda

# Pieter-Dirk Uys mág maar

## Bambi Kellerman is eksentriek. Sy dra haar man rond in 'n *cocktail mixer* en drapeer 'n zebrapels wat by iBez gesteel is. Om nie eens te praat van haar wolhaarstories nie...

**BAMBI IN KABARET.**
MET PIETER-DIRK UYS EN GODFREY JOHNSON. SANLAM NAGKAT, WOENSDAG 3 MAART, 21:00.

**HEIN SCHOLTZ**

Bambi Kellerman, oftewel Baby Poggenpoel van 6 Middeweg, Betlehem, Vrystaat, Suid-Afrika, Afrika – die Wêreld – het vanjaar by die nagKAT-kabaretteater by die Stellenbosse Woordfees absoluut betower.

Pieter-Dirk Uys mág maar, hoor skatties.

Bambi se CV lees nogal soos 'n Hollywood-draaiboek. Sy het in 1957 van die Vrystaat gevlug weens die vrees dat haar maagdelikheid soos Afrikaanse trots nooit sou verdwyn nie, en het onwetend 'n Nazi-kommandant, Joachim von Kellerman, getrou.

Ná die oorlog, vertel sy, is sy Paraguay toe waar haar man die Minister van Oorlog was. "Dis die enigste dag wat ek ooit werklik geglimlag het," vertel sy oor die dag toe haar man aan strichnienvergiftiging do gevind is. Sy wink na die gehoor.

Haar *spiel* praat van haar jare in Europa, haar vriendskap met die liedskrywers Weil en Brecht, haar *homage* aan Marlene Dietrich en verskeie gay en Joodse popkultuur-ikone wat sy op haar troebel pad ontmoet het. Die Duitse musiekduo het, ná 'n aand van dronk seks met Bambi in Hamburg, haar gunstelingliedere van die FAK-sangbundel gevat en "verwerk" – wat as kontemporêre kommentaar totaal suksesvol geskied.

"Hansie Slim", "Wat maak oom Kalie daar" en selfs "Daar kom die Alabama" ontsnap nie die verwerkingshand – pienk gepolitoer – van Madam Kellerman nie.

Godfrey Johnson, wat Bambi begelei, deel self 'n lied of twee wat hy, terwyl die blonde *faux*-Aryan *bombshell* aan haar vodka teug, opgevoer het.

Hoewel sy haar suster haat (*dis hoekom ons nooit in dieselfde vertrek op dieselfde tyd sal wees nie, ons kan mekaar nie verdra nie*) deel sy haar suster se passie oor die MIV/vigs-pandemie wat soos 'n veldbrand versprei.

*"Do you know what your children are doing now?" vra sy. "They are not watching a movie. They are f*cking!"*

Die gehoor het soos 'n wurm aan 'n hoek gewriemel tussen die lag en die ongemak.

Sy het gelyk soos die *mixed-ethnic* mafia-moeder van Kate Bush in haar befaamde Babushka musiekvideo. Haar aksent is so *expat* dat 'n mens die "Souf-Effrikaans" weinig kon hoor, terwyl die Oostenrykse aksent so deur haar tande gekerf word. Soos 'n boheemse Rian Malan, verras dié *resident alien* van die verhoog af, vleg eerlike karikature van die Suid-Afrikaanse Afrikaan en lewer kommentaar op sommer alles.

En vandag is Bambi terug in Suid-Afrika, waar sy sonder skaamte als sê wat haar liefste en dierbare suster nie kan of mag sê nie.

Deesdae kan Bambi by haar wynproekelder in die Paarl ontmoet word, waar sy ook as Madame die dorpenaars se drade kort knip, oftewel trek.

Pieter Dirk-Uys, met sy twee kleurvolle en uitdagende personas wat nie skroom om heilige koeie te slag nie, is net wat die publiek nodig het. En die satiriese verligting was weer van die hoogste kaliber.

Nè, skatties!



Bambi Kellerman vermaak die gehoor met 'n duet saam met haar suster, Evita. Die twee kan mekaar geensins verdra nie. "Ek is jonger en mooier," sê die madam.

FOTO: MARISA GEYER



**IN ONS BINNEKRING** Die 100ste herdenking van Uys Krige se geboorte word vanjaar gevier. Die bekende digter-dramaturg se kinders Tai en Eulalia (links) en susterskind, Grethe Fox (middel), het op 26 Februarie staaltjies oor hom vertel as deel van die Skrywersfees. JC Kannemeyer het die dokumente in die JS Gericke-biblioteek se Uys Krige-versameling bespreek. Suzanne Fox, Krige se suster, staan regs. Sien die berig op bl. 11.

FOTO: GEORGE MILLER

# 'Die Toerien Show' laat ons uit die maag uit lag

**MELISSA TIGHY**

In die stampvol Klein Libertas-teater heers 'n gesellige atmosfeer. Almal sit met 'n drankie in die hand, vol afwagting om te sien wat Francois Toerien dié keer gaan optower vir sy sketskomedie.

Met behulp van Esther von Waltsleben, Martelize Kolver, Altan Ungerer en Brendan Daniels maak hulle 'n gedugte komedie-span. En niemand is in *Die Francois Toerien Show* veilig nie.

Die *show* begin met 'n oproep van pres. Jacob Zuma oor of hul produksie "swart" genoeg is. 'n Herrie bars los, en so word 'n nuwe karakter (Brendan Daniels) voorgestel. En dan volg indrukwekkende danspassies (sjoe, daai *moves*!) en talle skreeusnaakse oomblikke.

Met 'n relatief eenvoudige stel kry hierdie span soveel reg. Hoewel hierdie komedie universeel van toepassing is, is dit tog meer gemik op die tipiese Afrikaanse gehoor.

Mense waarmee onder meer die spotgedryf word, is Julius Malema, Helen Zille, Amerikaanse *cop-shows*, Juanita du Plessis se lirieke, Naas Botha, Peter de Villiers en Afrikaanse sangers wat *lip-sync*. Selfs *Pasella* se Paul Rothman pryk in 'n noupassende nommertjie op verhoog.

Francois Toerien sê oor sy humor mense moet in hul daaglikse bestaan die komiese oomblikke raaksien eerder as om vas te klou aan die negatiewe. "En in die Suid-Afrikaanse konteks is daar tog genoeg komedie om ons 'n leeftyd te hou."

Die gehoor het hierdie span 'n luide applous gegee en gevra vir nog.

Jean du Toit, 'n B.Comm-student, sê hierdie vertoning was definitief 'n "verbetering op die vorige vertonings". En mnr. Johann Beytell, wat die eerste keer 'n Toerien-produksie gesien het, stel dit eenvoudig: "Dit is baie *cool*."

Die plan is om die vertoning na die Volksblad-, Innibos- en Aardklopkunstefees te neem, asook om nog 'n draai in die Klein Libertas-teater in April te maak.




**STAPELKOS VAN SATIRE** *Die Francois Toerien Show* bied veel om oor te praat en te lag.

FOTO: WILLEM VAN DER BERG

# Soekende gehoor vind 'n skatkis vol humor

**ADAM SEPTEMBER EN DIE NAZI-SKAT.**
MET MARIUS WEYERS, BEN KRUGER, IVAN ABRAHAMS EN CHRISTO DAVIDS. REGIE: CHRIS VORSTER. HB THOM-THEATER, VRYDAG 5 MAART, 20:30.

**ROZANNE ENGEL**

Van die oomblik dat akteur Christo Davids sing-sing op die verhoog verskyn, met 'n radio op sy skouers en 'n mond vol woorde, weet die gehoor hier kom 'n snaakse ding.

Chris Vorster se aksie-komedie *Adam September en die Nazi-Skat* is 'n Suid-Afrikaanse weergawe van *Indiana Jones* en *Die Hard*, wat die gehoor aan die lag het van begin tot einde vir hierdie humoristiese toneelstuk.

Die storie speel af in 1979, waar 'n joernaal gevind word deur Adam September (Ivan Abrahams) en sy seun Jody (Christo Davids). Die geheime joernaal bevat 'n kaart na 'n fabelagtige Nazi-skat in Duitswes-Afrika. In die dramatiese soektog na die skat is die Nazi-Afrikaner Heintz Himler (Marius Weyers) en die "Rambo"-soldaat Wolf Basson (Ben Kruger) soos bloedhonde op die spoor van Adam en Jody.

Die legendariese Marius Weyers gee 'n puik vertolking van 'n homoseksuele Himler, wat die gehoor aanhoudend aan die lag het vir sy snaakse aksies.

Op 'n ernstiger noot word die vervreemde verhouding tussen pa en seun goed uitgebeeld deur Abrahams en Davids. Dit sorg ook vir 'n dieper betekenis in die dialoog tussen hulle, ten spyte van al die humor wat die verhouding navore bring. Basson se liefde vir drank en sy behepthied met sy geweer "Bertha" en jagmes "Magda" word skreeusnaaks weergegee deur die bekwame Ben Kruger, wat die gehoor half histeries laat tot ná die vertoning.

Vorster, sowel as die akteurs, is bekend vir hul rolle in *7de Laan*, en hul spel hier, kontrasterend met hul karakters in die sepie, is 'n aangename verrassing. Vorster het hom uiters goed van sy taak goed gekwyt as regisseur en skrywer en *Adam September en die Nazi-Skat* 'n heerlike kyk-ervaring.

## *Jong toneelskrywers wys met 'Lazuma! 2010' dat die teaterbedryf in Suid-Afrika nog goed aan die gang is*

**LAZUMA! 2010.**
MET JOHAN FALCK EN MARLO MINNAAR. PIANIS: GRETHE VAN DER MERWE. AAN DE BRAAK TEATERKROEG. WOENSDAG, 3 MAART, 18:00

**RENATE MOOLMAN**

Vraag: Wat is uitdagend, kras en skreeusnaaks? Antwoord: *Lazuma! 2010.* Johan Falck en Marlo Minnaar se debuutstuk sit nuwe skop in kabaret. Hulle het dit self geskryf en geredigeer.

"Ek en Falckie het verlede jaar hier by die Aan-de-Braak-teater die idee gekry om 'n *show* saam te doen. Christine Falck het ook al vir ons gesê ons moet iets vir Woordfees doen," sê Minnaar.

2010 behoort 'n opwindende jaar vir Suid-Afrika te wees. Maar sal die meeste Suid-Afrikaners die Wêreldbeker kan waardeer? "Ons wou hê Suid-Afrikaners moet dankbaar wees om in so 'n wonderlike land te bly," sê Johan. "Selfs met al die korrupsie in politiek," voeg Minnaar by. Só het hulle op *Lazuma! 2010* besluit.

"Ons dryf die spot met álles," verduidelik hulle laggend. Die regisseur, Marthinus Basson, hul oud-dosent, het gesê kabaret bevat politiek, godsdiens en seks. Die stuk het al drie, met 'n *twist*. "Die boodskap is dat almal, ongeag kleur of ouderdom, net weer lief raak vir Suid-Afrika," verduidelik Minnaar.

Die skryfproses was maklik genoeg. "Ons is goed genoeg vriende om so iets te kan doen," sê Johan. Hulle het baie gedigte en koerantberigte vir materiaal gebruik. Soos dit enige kabaretstuk betaam, is daar bekende liedjies geparodeer.

Hulle speel multirolle en het tyd vir *costume change* benodig."Hiervoor gebruik ons elektroniese media," sê Minnaar kamma-gesofistikeerd. Koos Booysen, die skoonmaker by die teater, het impromptu 'n rol as Gertjie, 'n boesman, gekry. Booysen se vrou, Petro, en kleindogter Tamarin sê die produksie was "baie lekker". Christine, eienaar van die teater en Johan se ma, het na die opvoering ingenome gelyk. "Ek wil net 'n ruimte skep vir jong akteurs se ontwikkeling," het sy gesê. Hul pianis, Grethe van der Merwe, sê sy is nou "skoon skaam om op die verhoog te gaan".

Baie gehoorlede het gemeen die lekkerlagstuk was te kort. *Lazuma! 2010* se (wen)pad vorentoe is om borge te kry.

"Ons wil dit langer maak, en by nog plekke optree," het die akteurs gesê. Tans is hulle net gretig om nog werk in die bedryf te doen. Cintaine Schutte, 'n vryskut-aktrise, het gesê "hulle móét verder gaan, want hulle kan".

Wat beteken dit om 'n vrou – of 'n man – te wees? Vanjaar se Woordfees het verskeie produksies opgelewer rondom die kwessies van geslag en gender.

# Laat dié wat 'n vagina het, hoor



Die *Vagina Monologues* is 'n eerlike toneelstuk oor vrouwees

Die *Vagina Monologues*, oorspronklik geskryf deur Eve Ensler en nou in Afrikaans vertaal en verwerk deur Antoinette Louw, is tydens die Woordfees in die Klein Libertas-teater opgevoer.

Antoinette Louw, Lulu Botha en Jacqui du Toit vertolk dié reeks monoloë, wat handel oor vroueseksualiteit en ander onderwerpe wat strek van hare tot menstruasie, eksperimentering, mishandeling, misverstand en, natuurlik, die vagina.

Niel Joubert en Gerda von Benecke bring elk hul eie unieke monoloog oor die groot Vagina Monoloog.

Antoinette Louw wys hoe vroulikheid gevier word in die *Vagina Monologues*.

FOTO: CHIVIMBISO GAVA

### GERDA SE MONOLOOG

Baie van ons het daardie één tannie van Kaapstad wat nie skroom om luidkeels te praat oor 'n vagina of 'n orgasme reg in die middel van 'n geselskap nie. Sy vang vir Pa effens ongemaklik. Ma skud haar kop agter die yskas. Ouma giggel en drink haar koffie. Ek lag lekker saam.

*Vagina Monologues* is nes dié liberale tannie – vermaaklik, verfrissend en ongelóóflik snaaks.

Die Afrikaner is nou al darem daar waar sy histeries in die donker kan sit en lag oor grappe van kameeltone en snormossels – maar waneer is ons dan gereed om op 'n bloot ernstige noot in die kollig oor die vagina te praat?

Waar is die ma wat agter die yskas uitkom en aan tafel kom sit waar ouma haar koppie vir 'n oomblik neersit? Wat dan van dieper dink en wyer praat oor die woede, die seer en die harde feite agter die vrou en die vagina?

Antoinette Louw lewer 'n smaakvolle vertaling wat die oorspronklike Engelse teks noukeurig versag en verkort om maklik verteerbaar te wees vir 'n Afrikaanse gehoor.

Die drie kunstenaars slaag ook uitmuntend in hul komiese uitbeelding van 'n verskeidenheid karakters.

Die oorheersende komiese aanslag met 'n Afrikaner-gerigte smakie bly egter baie beperkend.

Té vinnig word daar vergeet dat die monoloë eintlik die ware stories is wat kom uit die monde van talle werklike vroue. Die dringende kwessies van vroueregte en vrouebemagtiging sluimer maar effens stil en onopmerklik.

Die stuk het my nie laat dink oor my vrouwees of my vagina nie. Nie my bemagtig om dit te eien nie. Ek was nie naby aan voel nie. Nie naby aan raak nie. My hande ver van soek af. Ek wou so graag. Toe leer ek maar lekker lag oor haar.

Ek sê: Laat dié wat 'n vagina het, hoor.

### NIEL SE MONOLOOG

'Vagina. Dit klink soos 'n infeksie. Vagina, vagina, vagina, maak nie saak hoeveel keer ek dit sê nie, dit klink net nie na 'n woord wat ek wil sê nie."

So begin die produksie en dáárdie woord het ek nou al te veel gehoor. Ek skuif effe ongemaklik rond in my stoel. Kyk rond om te sien of daar ander mans in die gehoor is. Hier en daar sit 'n paar van ons, meer as wat ek verwag het, oud en jonk. Seker saamgesleep deur meisie of vrou.

Sy gaan voort: "*Imagine* jy wil taalkundig korrek wees tydens seks: 'Ag bokkie, vroetel asseblief my vagina', *coitus interruptus*, net daar!". Die gehoor lag, maar hoor ek net vrouestemme? Óf die mans luister nie, óf hulle is skaam, bang om op die verkeerde oomblik te lag – dit gaan mos nou glad nie goed lyk nie.

Só vertel 'n 72-jarige vrou van haar eerste soen: " 'n Vloed daaronder, 'n golf, 'n rivier, 'n waterval van lewe en passie."

'n Middeljarige vrou voor my sê, "Ag sies man!"

Daar was wel meer ernstige monoloë. 'n Vrou vertel van haar nagmerrie-ervaring waar sy dae lank verkrag is. 'n Doodse stilte heers in die vertrek. Dis dinge wat jy nie wil hoor nie.

Ek besef hoe verskriklik dit vir haar moes gewees het, en duisende ander soos sy. Die meeste praat nooit daaroor nie – te verneder, te bang.

Dit monoloë is meestal snaaks ja, maar bereik dit verder enige doel? Ek het *female empowerment* verwag, maar dink nie dit gaan só bereik word nie. Die vertoning het my egter meer gemaklik laat voel oor die onderwerp. Ek gesels met my vriendin oor die vertoning en al die taboe's. Die monoloë het dít reggekry – ons praat dan nou hier oor Die Vagina! En dit kan net 'n goeie ding wees.

## Gesprek oor chauvinisme skep meer vrae as antwoorde

**WILLEMIEN CALITZ**

Evita Bezuidenhout sou haar "versteekte oorstukkie en drie stelle ondertande gee" om by die gesprek oor manlikheid en chauvinisme te kon wees. Gelukkig het sy nie, want die kool was die sous nie werd nie.

Vier manlike skrywers, naamlik PJ Haasbroek, Etienne van Heerden, Toast Coetzer en Jaco Kirsten, het 90 minute daaraan spandeer om by die tema van chauvinisme verby te praat.

Die gehoor moes Vrydag 5 Maart op die mooie Stellenrust-wynplaas aanhoor dat vroue byvoorbeeld die ervaring van springbokskiet nie dieselfde as mans ervaar nie. Haasbroek voel dat mans 'n bok skiet om op 'n primitiewe manier te voel hulle het hul plig gedoen. Hy is hierna deur die skrywer Marié Heese van chauvinisme beskuldig. "Klink of jy dieselfde houding as Samuel Johnson gehad het toe hy gesê het '*To hear a woman preach is to see a dog walk on its hind legs. The wonder isn't if it's done well, but done at all*'," het Heese gesê.

Die gesprek het begin dwaal na 'n vergelyking tussen die rol van mans en vroue in vandag se samelewing. Kirsten het die gehoor verseker hy is nie 'n chauvinis nie en is tot sterk, dinamiese vroue aangetrokke.

Volgens Van Heerden het mans egter 'n denkwyse wat lui: "Kyk wat kan daai vrou doen, sal ek ook kan?" Hy het daarna gesê chauvinisme het as deel van 'n nasionalistiese begrip ontstaan, maar is deesdae verpopulariseer. "Dinge het verander. Ons hoor al meer van die *third sex* en daar word gereeld met post-gender en biotegnologie geëksperimenteer."

Die gesprek het einde se kant toe gestaan toe Haasbroek erken hy werk eerder nog met stereotipes in sy kop as sogenaamde "tussentipes". Coetzer, wat eintlik die mees waardevolle bydrae gemaak het, het moontlik die gesprek gered deur kortliks oor die media se rol in die afbreek van stereotipes te bepeins.

Moontlik.




Die gewilde Antoinette Kellermann se *As die broek pas* het vinnig uitverkoop.

FOTO: MARISA GEYER

# Kellermann kan haar man staan

**AS DIE BROEK PAS.**
MET ANTOINETTE KELLERMANN. REGIE: MARTHINUS BASSON. HB THOM-TEATER, MAANDAG 1 MAART, 20:15.

**LOUISE FERREIRA**

"Dis tyd om die broek te dra."

Die aktrise se rasperstem dra oor die verhoog. Antoinette Kellermann leun teen die tafel, geklee in 'n pak, haar kortgeknipte hare teen haar kop vasgepleister. Die silhoeët teen die muur is dié van 'n man.

Die karakter is dié van 'n Duitse vrou wat ná haar man se dood dié se naam en lewe oorneem sodat sy kan werk. Ella (nou Max) Gericke se eensaamheid en haar (of is dit sy?) sielkundige ontwrigting word roerend uitgebeeld.

Die toneelstuk stel vrae oor wat presies man- en vrouwees beteken. Soos Max dit stel: "Ek moes mans genoeg wees om die f*kken broek te dra! Hoekom was vrouwees nie genoeg nie?"

Kellerman vertolk die rol met oortuiging. Dit is onmoontlik om haar wérklik as 'n man te sien – daarvoor is die rol te eerlik – maar die set van haar skouers, die manier waarop sy wydsbeen sit en die skorheid van haar stem is alles déél van die karakter.

Sy is 'n vrou wat deur omstandighede gedwing is om haar lewe lank as 'n man te leef.

Onderdrukte emosies oor een van die mees fundamentele aspekte van haar identiteit – haar geslag – dreig aanhoudend om uit te bars.

Die kwessie van moederskap is hier uiters belangrik. "Die desperate smagting om 'n kind te hê…"

Sy is fisiek daartoe in staat om swanger te raak, maar om te oorleef, om veilig te bly, mág sy nie.

Hoe moet sy daaroor voel, asof sy haar geslag, die absolute essensie van haarself, verraai?

Sy maak soms asof sy 'n kind het, 'n seun.

Waar sy nou teen die tafel leun, lyk sy soos 'n Marlene Dietrich-figuur. Lenige lyf, bene gekruis, oopgeknoopte wit manshemp by die langbroek ingesteek. Die sigaret en teruggekamde hare voltooi die prentjie.

So kom die idee van vroulike skoonheid ook na vore. Haar man, toe nog haar kêrel, sê vir haar: "G'n tiete, stywe gat; jy lyk soos Sneeuwitjie!"

Dit is hierdie eienskappe wat haar help om soos 'n man te lyk, maar die ironie van die vergelyking gaan nie verlore nie.

Want wat is daardie sprokieskarakter anders as 'n ou ideaal vir skoonheid?


Max sê dit self: "Sneeuwitjie, mooier as al die res."

Mooier, dalk. Maar Ella het meer karakter.

# ‘Kap án’ se skerp sosiale kommentaar is snaaks, dog aangrypend

**KAP ÁN.**
MET EUODIA SAMSON, CHARLTON LEE GEORGE, ELDENE JONES, IRSHAAD ALLY-ARAP EN RIAAN VISMAN. REGIE: ABDURAGMAN ADAMS EN RIAAN VISMAN. WOENSDAG 3 MAART, 18:00. IN OPDRAG VAN DIE STIGTING VIR DIE BEMAGTIGING DEUR AFRIKAANS, MET STEUN VAN DIE ATKV.

**JEAN ESTERHUIZEN**


Charlton Lee George in *Kap án*.
FOTO: GEORGE MILLER

Bonteheuwel! Kaap! *Jump in, sit back, relax and enjoy the ride.* Spring in die taxi, Poppie 1, en ry deur dié komedie met ’n Kaapse *twist.*

*Kap án* bring die realiteite wat die meeste bruin Kaapse gemeenskappe daagliks teëkom na vore.

Sharlton September (Riaan Visman) verlaat sy ouerhuis in Malmesbury vir ’n beter lewe in die Kaap. Hy beland in Bonteheuwel op die Kaapse Vlaktes by sy *auntie* Poppie (Euodia Samson), sy moederfiguur, en vir wie hy as *guardjie* (die persoon wat die geld in ’n taxi kollekteer) werk.

Die stuk begin met Sharlton wat hoor hy is aanvaar om taal en kultuur te gaan studeer.

Sharlton baklei met *auntie* Ursula (Eldene Jones) oor ’n poniekoerant, “want dit knou mense se denkwyse,” maar vir haar is dit leersaam. Hy raak betrokke by Doepa (Charlton Lee George), ’n dwelmhandelaar, se bendebedrywighede omdat hy tog net wil inpas – mense spot hom oor sy suiwer Afrikaans – en oor sy skuldgevoelens omdat hy nie sy ma en suster finansieel kan bystaan nie.

Doepa besit ’n smokkelhuis en verkoop tik.

Dit is teen dié agtergrond dat Sharlton se karakter al die struikelblokke en uitdagings verteenwoordig waarmee veral die bruin jeug te kampe het. Dit word uitstekend aangevul deur die toneelspel van die skoolgaande Denise (Eldene Jones) wat die dwelmbaas moet gelukkig hou – op enige manier.

Sharlton moet veg en kies tussen reg en verkeerd, maar sal hy die toets slaag?

*Kap án* verteenwoordig ’n hele gemeenskap. Daar is karakters soos Shonique, die outjie was soos ’n meisie aantrek, Doepa, die bendeleier, en die swanger Deborah Delilah van die platteland. Die akteurs het met gemak tussen hul onderskeie rolle gewissel, en die produksie het baat gevind by hul uitstekende spel.

Hoewel die drama vir baie ligte oomblikke en baie gelag gesorg het, is dit die ondertoon van verwerping, groepsdruk en amper mismoedigheid wat ’n mens lank bybly oor die realistiese situasies wat uitgebeeld word. Die humor doen nooit afbreuk aan die skerp sosiale kommentaar wat gelewer word nie. Die stuk slaag baie goed daarin om nooit prekerig te word nie, en die sentrale boodskap – die belang van regte keuses maak – verval nooit in ’n cliché nie.

## Willem Anker’s new play leaves audiences shell-shocked

# Bomb blast in your brain

**SKRAPNEL.**
WITH MARCEL VAN HEERDEN, ANDREW THOMPSON AND JENINE GROENEWALD. DIRECTION: JACO BOUWER. HB THOM THEATRE, THURSDAY 4 MARCH, 18:00.

**REINHARD VAN BILJON**

I see an explosion of white tails propelling wide-eyed Afrikaner Generation X and Y’ers in their thousands to a London rebirth, settling for minimum wage at seven pounds an hour.

*Skrapnel* follows the life of a young Afrikaans guy in London. It’s obvious he has no clear plan with his life, so he follows the path of least resistance. Pretty much like the shrapnel in the title.

*Not every cumshot deserves a name.*

Christiaan Rudolph de Wet Botha (Andrew Thompson) has a few names and he’s a drifter. He does what Afrikaners do: we move when we’re unhappy.

The 7 July 2005 bombings of the London Underground that shot organic shards of its exploding instigators (suicide bombers) into the bodies of victims, literally forces survivors to carry around (under the skin) the promise of paradise that is lost to a people always on the run. So does Chris for the Afrikaner.

*Every generation’s rite of passage gets lamer. Helen of Troy to Paris of Hilton.*

Chris is a man-sized hole sucking everything but a catalogue of movie nods and a drug habit from his maybe pregnant girlfriend (Jenine Groenewald).

*Watch TV. Get f*cked.*

*Repeat.*

In between, *the soldier and the nurse in the War on Terror* work long hours in a grey city to (not) stop stores getting robbed and old folks from dying.

Chris gets more comfortable running from his troubles than after shoplifters – less paperwork.

No such slacking in an audience shell-shocked from regular bomb blasts that scatter the dreamlike sequences of Willem Anker’s script out of their natural order like a coked-up mirror of broken Afrikaner dreams.

*And so the Lord scattered them from that place into all lands, and they ceased to build the city* (Genesis 11:9).


**GROUND ZERO** Andrew Thompson gives a powerful performance as a troubled young Afrikaner overseas.
PHOTO: VANESSA SMEETS

# Geheime in ‘suburbs’ se slaapkamers

**SEKS IN DIE SUBURBS.**
MET SUSANNE BEYERS EN EBEN GENIS. REGIE: FRANCOIS TOERIEN. KLEIN LIBERTAS-TEATER, VRYDAG 5 MAART, 18:00.

**RENATE MOOLMAN**


**VOORSTEDELIKE SPEL** Eben Genis en Susanne Beyers is die hoofspelers in die gewaagde *Seks in die Suburbs.*
FOTO: MARISA GEYER

“Ons het hom net ’n bietjie langer gemaak,” sê Francois Toerien oor dié weergawe van *Seks in die Suburbs.* Toerien het hierdie donker komedie oorspronklik vir 2009 se Aardklop-kunstefees geskryf. Vanjaar is albei die Woordfees-vertonings uitverkoop.

“Vat aan my rok. Ek ken die pad in die donker,” sê ’n giggelende, dronk vrou. Magdel (Susanne Beyers) is ’n middeljarige joernalis wat desperaat is om weer haar seksualiteit uit te leef. Daarom nader sy vir Migiel (Eben Genis), ’n BA-gegradueerde en kelner. Migiel en Magdel. Met alkohol en dagga.

Net toe hulle op hul lekkerste kafoefel, hoor hulle geluide. Dit is ’n inbreker. Bevrees dat hulle iets gaan oorkom, is hulle desperaat om die meeste van hul laaste paar oomblikke te maak.

Magdel raak sentimenteel oor haar kinderdae en deel ’n skokkende geheim met Migiel. Hy voel toe verplig om ook oor sy verlede te praat en dié onthullings is allesbehalwe sexy.

Later bloei Migiel se mond en Magdel se voet. En toe kom hulle agter bloed is dikker as water...

Migiel se opsomming van die absurde situasie is dat dit soos ’n “*B-grade horror movie*” voel. Die teks is vol subtiele humor en die *show* is snaaks. Dit is so snaaks, jy lag totdat jou maagspiere seer is.

Annemarie Olivier, Beyers se oudbuurvrou, lag so baie dat sy telkens die trane van haar oë moet afvee.

“Ons is die slagoffers van misdaad, *and we’ve got the scars to prove it*,” sê Migiel aan die einde.

Beyers vertel agterna sy moes improviseer toe haar voet gekap het. “Maar alles het verbasend goed gegaan.”

Toerien se oulike kwinkslae het dit ’n “baie lekker teks” gemaak, sê die akteur Marcel van Heerden. Die puik spel was inderdaad energiek tot die einde.

Die opvoering eindig met die vrolike “The sun will come out tomorrow”.

Die gehoor stap lag-lag uit die teater.

Na afloop van die vertoning vra ek Genis of hy dit geniet het. Hy glimlag, loop weg en gaan kry ’n bier. Ja, hy was óók bly.

# Sien jy ook soms saans ’n skaduwee uit die hoek van jou oog . . . ?

**AANDWANDELING MET SPOKE.**
STELLENBOSCH-MUSEUM, DONDERDAG 4 MAART, 19:00.

**LYNNE MATTHYSEN EN NIEL JOUBERT**


**VET SPOOK** ’n Vreemde skaduwee langs die Teologiegebou.
FOTO: LYNNE MATTHYSEN

Om vroeg skemer ontmoet ’n groep van ongeveer dertig mense langs die Braak vir die jaarlikse aandwandeling met spoke. Pietman Retief verduidelik hoe dinge gaan werk: hy vertel die stories en Leon Vorster gee die geskiedkundige agtergrond. “Leon neuk die stories op met al die datums,” skerts Pietman.

Leon kén egter sy storie – spesifieke datums, name en gebeure – terwyl Pietman nie te veel gepla is hieroor nie. In lyn met die Woordfees se Baljaar-tema, gebruik hulle sport as fokuspunt vir die aand.

So hoor ons van die eerste sport op Stellenbosch – papegaaiskiet. Die omgewing waar die houtpapegaaie geskiet is, is later Papegaaiberg gedoop.

Die Braak was die eerste sportterrein op die dorp waar krieket en rugby gespeel is. In 1888 was Nico Theunissen, ’n kweekskoolstudent, Stellenbosch se eerste Springbok. Sy loopbaan het egter nie lank geduur nie, omdat die dominees gedink het “hy hou hom besig met ligsinnige dinge”, verduidelik Pietman.

Dorpstraat is in donker gehul om die gevoel van Stellenbosch voor die gebruik van elektrisiteit te ervaar. Daar word vertel van die weduwee met ’n begrafnisonderneming, oorkant die straat van Jan Katz, die plaaslike dokter. Die pasiënte van Jan Katz se mislukte operasies is stilletjies in die nag deur die venster van die begrafnisonderneming gestoot. “Elke aand val daar drie of sewe boeke uit die rakke uit,” vertel Pietman.

Die Oude Leeskamer het Victoria College se Debatsvereniging gehuisves. Leon vertel Paul Kruger en Generaal Joubert het in die 1880’s een aand ’n debat bygewoon. Onder die onderwerpe was die emansipasie van vroue en die vryheid van die pers. “Meer as ’n honderd jaar later het niks verander nie,” lag Pietman.

Answering the question about stereotyping in sport

# 'Whose world cup is it anyway?'

**MOIPONE KGATLE**

'Football is a game for gentlemen watched by hooligans and rugby is a game for hooligans watched by gentlemen."

With this quote Freek Robinson gave momentum to a discussion on the notion that the different races in South Africa have varying degrees of enthusiasm regarding the upcoming FIFA World Cup.

On Monday 1 March, being 101 days away from kick-off, there could not have been a more inviting opportunity to talk about this year's most significant event.

The theme for the Woordfees this year was "Baljaar" and Robinson put it to good use during his live broadcast of the RSG programme *Praat Saam*.

On the panel was Jeremy Fredericks, a sports journalist, and Ludwig Hendricks, the Cape Winelands South Africa Football Association organiser.The dialogue touched on the fact that white citizens do not care about football while the black population is football crazy.

The panel and callers pointed out that although South Africans are sport-loving people, this affection is divided in relation to cultural orientation, where it is generally believed that white Afrikaans-speakers gravitate more towards rugby, white English-speaking nationals love football and cricket, while black vernacular-speaking locals obsess about soccer.

Hendricks commented on the fact that although cricket was seen as an "English" sport, it did not stop Afrikaner players such as Hansie Cronjé and AB de Villiers from participating.




**PASSIONATE ABOUT SPORT** Ludwig Hendricks (left) and Jeremy Fredericks (right) discuss the Soccer World Cup on the radio program *Praat Saam,* broadcasted from the Plataan-kafee on 1 March. PHOTO: VANESSA SMEETS

Fredericks pointed out the need for proper funding for talent and development in the sport, on a professional and school level. "The only way the sport is going to be run properly, is if we get people with passion. Passion for the sport; you're born with it, it's in your blood".

Some callers said their lack of support was tied in with their concern over Bafana Bafana's inability to win matches and the constant scrambling and changing of coaches.

## Young hope for the future

**JEAN ESTERHUIZEN AND VANESSA SMEETS**

South Africa's majority are marginalised from the economy and society. Young leaders need to respond to this by involving themselves more in the community, said Mr Tony Ehrenreich, COSATU provincial secretary in the Western Cape, at an intergenerational conference on 27 February.

He was speaking to young leaders at Stellenbosch University about socio-economic equality and hopes for the future as part of the annual Woordfees.

"The difficulty for youth leaders lies in taking account of the redistributive problems and inequality," said Ehrenreich. He focused on the youth's ability to build hope through equality, by "letting their private virtues become public issues". Reducing unemployment and poverty through equality, education and public services can do this, as well as placing youth in trade unions, parliament and in the community.

The meeting concluded with the idea that the time has come for young people to make a stand. According to Dr Sias Mostert, convener of Leierskap Netwerk: "Young people need to take responsibility for their dreams. Without dreams, there is no hope. And without hope, you cannot help others."




**POSITIEF OOR LETTERKUNDE** Etienne van Heerden wil weet wat die internet vir die toekoms van letterkunde kan beteken. FOTO: GEORGE MILLER

# *Verdring die internet ernstige letterkunde?*

**GEORGE MILLER**

Dit is 'n warm Woensdagoggend in Stellenbosch. Drie literêre swaargewigte skuif nader om 'n gewigtige onderwerp – of die internet-era die doodskoot vir die ernstige letterkunde beteken – met Cobus Bester, aanbieder van RSG se oggendprogram *Praat Saam*, te bespreek. Die skrywer en akademikus Etienne van Heerden, die digter Danie Marais en die boekhandelaar en digter Louis Esterhuizen is in gesprek.

"Pasop vir spoke opjaag," maan Van Heerden uit die staanspoor. "Vra liewer wat die internet vir ernstige letterkunde kan doen."

"Die ernstige letterkunde beleef tans 'n bloeitydperk, met meer werke wat by meer uitgewers verskyn," het Esterhuizen gesê.

Marais meen dat die internet nog nooit die letterkunde bedreig het nie, en dat televisie en rolprente die eintlike sondaars is.

"Die internet laat ernstige lesers toe om mekaar te vind." Hy verduidelik dat die leser van ernstige letterkunde 'n "minderheid is wat nooit sal uitsterf nie".

Volgens Van Heerden het die koms van die internet die medialandskap in 'n veel meer mededingende ruimte verander as vroeër.

Die letterkunde kan nie meer in 'n ivoortoring vasgekluister word nie.

"Die internet speel 'n belangrike rol om letterkundige hierargieë af te breek," verduidelik Van Heerden. Hy het self al 'n geruime tyd 'n profiel op die sosiale netwerk Facebook, en voeg trots by dat Marais ook onlangs die kubersfeer op dié wyse betree het.

"Dit is in teenstelling met die tyd toe jy 'n brief van DJ Opperman sou laat raam."

Die sprekers besef die internet is 'n tweesnydende swaard. Terwyl dit die openbare sfeer vul met die geraas van elke tweede Jan Rap en sy maat wat blog, skep dit die geleentheid vir hoogs gespesialiseerde forums.

Van Heerden verwys na die literêre webwerf LitNet, waarvan hy die redakteur is, as 'n aanlyn-dorpie met verskillende groepe, vanaf agterbuurt-sluipers tot die elite wat teen die bult bly.

Slegs 'n dwaas sal teen die uitbreiding van die internet probeer baklei. Van Heerden illustreer dit treffend met 'n staaltjie oor Rupert Murdoch, die Australiese mediamagnaat wat glo gedreig het "to close the internet down!" Dis goed en wel, solank hy besef dat hy dit nooit sal vind nie, het Van Heerden gesê.

## 'Neem eienaarskap van die Grondwet'

**LUKE GERTENBACH**

Die regsfakulteit van die Universiteit van Kaapstad (UK) het vanjaar tydens die Woordfees 'n aktuele program, *Reg met Afrikaans*, aangebied.

Volgens prof. Rochelle le Roux, die programleier, is die gesprekke oor regsonderwerpe in Afrikaans 'n goeie manier om 'n debat te stimuleer oor onderwerpe wat die publiek raak. "Ons wil ook illustreer dat die reg 'n avontuur kan wees."

Prof. Pierre de Vos, regskenner van die UK en 'n gereelde mediakommentator oor staatsregkwessies in Suid-Afrika, het die reeks begin met die onderwerp "Is die grondwetlike regstaat 'n struikelblok op die weg na transformasie?"

Hy meen die regstaat is 'n absolute voorvereiste vir 'n regverdige samelewing. 'n Regstaat beteken dat die regering van die dag net kan handel binne bestaande wetgewing. Geen inwoner van die land is dus verhewe bo die reg nie.

"Elke aand as die son sak maak die reg van sommige mense kriminele," sê De Vos. Hy bedoel dat die Grondwet sekere regte aan elke mens gee, maar dat daar nie meganismes in plek is om hierdie regte uit te oefen nie. Jy het byvoorbeeld die reg tot geskikte behuising, maar jy word uitgesit as jy plak.


"Dit beteken nie dat mens die reg in beginsel en die idee van 'n regstaat moet verwerp nie."

Daar is sekere vereistes vir die voortbestaan van die regstaat. Volgens De Vos is 'n onafhanklike regbank, burgerregteorganisasies en vrye media van kardinale belang. Die media se rol as waghond is veral beklemtoon.

Hy sê: "Die belangrikste ding is dat gewone mense bereid moet wees om op te staan teen magsmisbruik. Mense is geneig om te kla om die braaivleisvuur. Die vraag is eintlik: Wat gaan jy daaraan doen?"

De Vos sê alle Suid-Afrikaners moet eienaarskap van die Grondwet neem. "Ek voel dat daar onder baie mense iets aan die roer is. Meer mense is bereid om op te staan."

Hy stel dit duidelik dat dit almal se reg en patriotiese plig is om die oortreding van die reg en magsmisbruik teen te staan. "Dit is al manier om die regstaat te onderhou en te beskerm."



Prof. Pierre de Vos. FOTO: MARISA GEYER

## Simposium lewer nuwe insigte

**RENATE MOOLMAN**

Afrikaans kán oorleef. Daar moet kreatiewe maniere gevind word om saam met ander tale te funksioneer, was die slotsom van die Adam Tas Taalsimposium.

Die tema was "Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak". Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) en die taalorganisasie i-MAG TABEMA was die borge.

Dr. Christo van der Rheede, uitvoerende hoof van die SBA, het gesê die taalkrisis is die gevolg van swak geletterdheidsvlakke in laerskole.

Oor die taalstryd by die Universiteit Stellenbosch het hy gesê: "Die US moenie teen Engels wees nie, dit moet net die regte balans vind."

Dié balans is wel gevind, meen prof. Anton van Niekerk, voorsitter van die US se departement filosofie.

"In die laaste twintig jaar het die T-opsie nié Afrikaans se posisie ondermyn nie. Dit is belangrik dat die US sy plek kan volstaan in die internasionale wetenskaplike bedryf."

Suid-Afrika het elf amptelike tale en dit is bewys dat moedertaalonderrig die beste resultate oplewer, het uit die bespreking geblyk.

Mnr. Marius Swart, 'n dosent aan die US se departement Afrikaans en Nederlands, het gesê daar is iewers 'n gaping. Die belangrikste is dat "die behoeftes van alle mense in ag geneem word".

Prof. Marlene Verhoef, 'n tolkdiensspesialis van die Noordwes-Universiteit, het gesê die tolkproses is nié duur nie – " 'n mens koop taalvrede daarmee".

Die taaldebat kort "minder emosie, meer harde syfers en meer studentebetrokkenheid", het Swart gesê, maar hy is bly dat al die sprekers in dieselfde rigting blyk te beweeg.

Prof. Nico Koopman, dekaan van die US se fakulteit teologie, het gesê Suid-Afrikaners leef in 'n konteks wat taalpluraliteit negatief hanteer.

"As ons met 'die ander' kan meeleef, sal ons taal bly leef."



**BONJOUR STELLENBOSCH!** Niël Rademan woos the audience at the *Festive France* book launch held at the Johan Coetzee Art Gallery. PHOTO: WILLEM VAN DER BERG



**ORIGINAL MUSIC** for original people from Jake Wulana of Tidal Waves, playing at Klein Libertas Theatre. PHOTO: GEORGE MILLER



**BALL GAMES** Strijdom van der Merwe knee deep in his artwork aimed at raising awareness of river pollution. PHOTO: WILLEM VAN DER BERG




**TINY TRUMPETER** Even those too young to join the Caladonian Roses music group got to make themselves heard at the Woordfees Mardi Gras. PHOTO: VANESSA SMEETS



**HIGH ON FOOTBALL** *LAZUMA! 2010* scores in the final minutes of their cabaret. PHOTO: GEORGE MILLER



**SINGING THE BLUES** Zinkplaat sets the stage for a romantic date at Beyerskloof Wine Estate. PHOTO: WILLEM VAN DER BERG




**DEMON BUNNY** strikes again. Darkened decor at the Plataan Café in Ryneveld Street comes to life when everyone goes home at night. PHOTO: GEORGE MILLER



**HONESTLY SPEAKING** Lulu Botha (left) shares intimate secrets with Antoinette Louw in *The Vagina Monologues*. PHOTO: CHIVIMBISO GAVA

**Because words are sometimes simply not enough. In celebration of the resounding success of Woordfees 2010, enjoy a mesmerising collection of pictures, some weird, some wonderful, capturing the moments which defined the festival.**



**TAKING A BREAK** Koos Kombius relaxes with a glass of wine during Hunter Kennedy's performance at *Koos & Kennedy* held on the deck at Beyerskloof Wine Estate. PHOTO: WILLEM VAN DER BERG



**"WELL PERSONALLY,** I prefer my elephants to be only this big": conversation outside the Sasol Art Museum, home to Andries Botha's visiting The Human Elephant Foundation artwork. PHOTO: MARISA GEYER

## Suid-Afrika se skerpste man laat gehoor weer kind wees

# Philip de Vos: dig is sy kos

MARISA GEYER

Die swart gelapte kykNET-Boektent neem 'n mens onmiddellik weg van die alledaagse. Dit is lekker koel, lekker donker en heerlik kalm. Op Dinsdagaand 2 Maart maak die gehoor reg vir hul gunsteling-gediggies oor goggas. Die lewe en werk van die Afrikaanse digter, skrywer en sanger Philip de Vos is besing tydens 'n spesiale geleentheid ter viering van sy 70ste verjaarsdag.

"As 'n mens lekker wil feesvier, is Philip die een om te nooi," glimlag prof. Dorothea van Zyl, Woordfees-direkteur, in haar openingspraatjie.

"Daar's 'n liedjie in my sak en 'n versie op my rak vir die dag wat ek wil sing of wil bolmakiesie spring," haal Iris Bester, oud-RSG-omroeper, vir De Vos aan. Bester is vol lof vir sy beskeidenheid en wonderlike sin vir humor. Sy vertel dat De Vos 15 jaar lank in die onderwys gewerk het en eers later begin skryf het.

Bester lees tussendeur van De Vos se gediggies voor en dit laat die gehoor kort-kort lag.

Sy eindig met 'n aangepaste weergawe van een van De Vos se verse: "Zumalo o Zumalo, 'n bul onder die bulle: het meisies liefgehad – ja honderde van hulle. Maanskyn, rose en geluk en elke week 'n huwelik... Elke week 'n bybie, élke uur 'n neppie; krampe, kroep en winde – Zuma sê my is jy heppie?"

Dan gee Deon Knobel, sy "beste pêl", die gehoor 'n kykie in De Vos se persoonlike lewe. Hy vertel staaltjies van hulle tye saam en verklap selfs hier en daar 'n skande.

De Vos het al in 40 operas gesing. "Altyd mannetjies met boggels, want ek is nie so mooi soos Steve Hofmeyr nie," skerts hy.

Hy is ook baie lief vir goggas en diere: "Ek het nog nooit eers 'n mier seergemaak nie."


Volgens De Vos het hy nooit grootgeword nie, ten minste "nie ouer as agt nie". Hy het *The Wizard of Oz* al 10 000 keer gekyk en wil dit vermeerder na 12 000 voor sy 80ste verjaarsdag.

Toe is Albie Louw, wat 'n reeks van sy gediggies getoonset het, saam met hom op die verhoog.

Dié twee se kinderlike gees is aansteeklik. "Jy het 22 giertjies, avokadopeermaniertjies," sing hulle verspot. In De Vos se woorde is "Albie 84, maar hy kan darem nog sing".

Saam met die koer-koer wysie van die tortelduifiegedig "Kom bly by my in my huispaleis en ek sal jou net vreugde wys", knik die gehoor se koppe saam.

Elkeen is weggevoer na die fantasie van eenvoud en prettige beelde wat De Vos bring. "Duinedou verdwyn te gou – rots en klip is al wat hou." Almal sal De Vos beslis nog lank onthou.



**GOGGAMAN** Die aand het gekrioel van Philip de Vos se prettige goggagediggies. FOTO: MARISA GEYER



FOTO: LIZE SWARTZ

**WOORDBOORD** Met lyne en strofes het die kunstenaar Stephan Erasmus die wortels, bas en takke van 'n papierboom aanmekaargeweef. Dié beeldhouwerk, toegedraai in fyn repies versnipperde liefdesgedigte, wink feesgangers onmiddellik nader as hulle by die *Oor die einders van die bladsy*-uitstalling in die J.S. Gerickebiblioteek by die Universiteit Stellenbosch instap. Erasmus se boom mag vir kykers vreemd voorkom, totdat hulle die houer raaksien waarin die boom geplant staan. Die houer kan toemaak om soos 'n boek te lyk en het die titels *Tree of Sorrow* en *Tree of Joy* op die twee buiteblaaie. *– Nikita Geldenhuys*

# *A writer's voice calling from Zimbabwe*

CHIVIMBISO GAVA

There is a realm in which multiple spaces and places can be visited without moving at all. This place is found in verse, word, prose – and ultimately literature. Shimmer Chinodya, one of Africa's most renowned writers, captivated the Stellenbosch crowd as he spoke to Annie Gagiano about his work and his views on writing.

He is known for his sombre works that depict stories of struggle in all spectrums of reality. Chinodya said: "Writing is like revisiting old memories, it is an artistic endeavour to create something positive out of pain."


He was born in Zimbabwe in 1957. Being of Shona origin his use of English in his literature has often been brought under scrutiny.

"Writing in English or any foreign language is an act of reclamation – I write in the Queen's language, I'm a sell-out," he said. "But I'm not apologetic about it. It was a language that was imposed upon me; it is now for me to impose my consciousness on English through my writing."

Family is an important theme in Chinodya's novels. He contrasted himself with another great Zimbabwean writer, the late Dambudzo Marechera.

"Dambudzo sees family as a dysfunctional institution," he said. To Chinodya, family is not a negative thing; it is simply something that should be studied from the inside out, in order to understand the complexities of human relationships.

"All my books are painful portraits, I believe in honest narrative. If I'm honest enough to describe a scene and get readers to think, I'm glad. I want them to think: oh yes, I didn't think it was possible to write like this. I want to shock you, it's my plan."



**SHIMMERING LITERATURE:** Shimmer Chinodya during a reading that was hosted by Annie Gagiano. PHOTO: CHIVIMBISO GAVA

# Annelie Botes gesels oor godsdiens, generasies en die rol van die vrou

GERDA VON BENECKE

Ons het twee e-posse aan mekaar gestuur om ons afspraak te bevestig. Haar eerste het in groot pienk letters afgesluit met "Oggendgroete, Annelie". Die tweede in groot oranje letters, "Laataandgroete, Annelie". Ek het geweet ek het hier te doen met iemand totaal anders as ekself.

Annelie Botes, gewilde roman- en rubriekskrywer van onder meer *Raaiselkind* en *Thula-Thula*, is bekend vir hoe reguit en sonder verskoning sy haar mening kan lewer.

Langs haar op die tuinbankie verduidelik ek dat ek graag vandag 'n gesprek daar wil stel tussen 'n jonger en 'n ouer Afrikaner. Ek dink ons vermy mekaar; verstaan mekaar soms moeilik. Ek dink ons is kwaad vir hulle, oor hul stilte en die verlede.

Ek spring dadelik in – wat dink sy van vrouwees?

"Ek dink as daar iets is waarvoor jong Afrikaanse vroue hul kan beywer, is dit om terug te gaan in 'n moederrol in. Waar sy by die huis is, waar sy haar kinders versorg, waar sy kook, tuinmaak en naaldwerk doen."

Ek sluk swaar.

"Ek sê nie sy moet dom wees nie. Kyk, hulle hoef nie 'n voorskoot te dra en skurwe hakskene en 'n bolla te hê nie. Hulle kan prokureurs wees wat uit hul eie huise werk, maar tussen twaalf en drie is dit gesluit sodat sy vir die kinders kan sorg."

Wat dink jy daarvan dat jongmense al hoe meer die kerk verlaat?

"Ek is 'n kerkorrelis. En as ek nie kerkorrelis was nie, sou ek nooit kerk toe gegaan het nie," sê sy. "Die kerk het ontspoor. Weet nie meer wat is reg en verkeerd nie. Wil almal akkommodeer."

Haar konsep van God?

"Ek kan nie dink dat enige regdenkende mens kan dink God is 'n mens nie."

Sy plaas haar hande op haar kop. "My God... my God sit net hier in my *skull*. My gedagtes is my *godliness*. As dit negatiewe gedagtes is – *I'm cherishing the devil*. As jy daar is, is jy in jou eie hel."

Wat maak dan van haar 'n Christen?

"Ek dink dit is 'n *man-made concept*." Sy staar vir 'n oomblik stil. "Dit is gevaarlike goed waarvan jy nou praat."

Nes talle jongmense het Annelie vir 'n bepaalde tyd ook in die buiteland gewerk. Sy sukkel om te sien of daar in die toekoms 'n plek vir die Afrikaner in Suid-Afrika kan wees.

Kan ons dan nie as Afrikaners harder werk vir versoening nie?







Annelie Botes. FOTO'S: VANESSA SMEETS

"Ek weet nie hoeveel harder ons nog kan probeer nie, die ander sal ook moet werk."

Toe vra Annelie: "Ek wonder of julle jongmense weet – weet julle in julself wat is reg en verkeerd?"

Ons weet. Kom ons maak ons los van die verlede se swart en wit. Laat ons insluit. Uitsluit is verkeerd. Hiér lê die gaping. 'n Hartseer generasiegaping.

# 75




**TEKEN HIER** André P. Brink onderteken 'n eksemplaar van sy memoires, 'n *Vurk in die Pad*, vir 'n aanhanger. FOTO: GEORGE MILLER

Twee legendes in die Afrikaanse letterkunde, bekende romanskrywer André P. Brink en digter Petra Müller, word vanjaar 75. Die Woordfees het hulde aan hulle albei gebring.



**FEËKONINGIN** Petra Müller as 'n tweedejaarstudent op Stellenbosch. FOTO: LYDIA DAMESKOSHUIS

# Brink en Müller bly onuitputbare literêre geeste

**NIEL JOUBERT**

In 'n volgepakte vertrek in die Erfurthuis wag sowat vyftig mense om na die huldeblyke oor André P. Brink te luister.

Nog stoele moet ingedra word. Voor sit die sjarmante en intelligente skrywer, een van die mees veelsydige figure in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld.

Prof. Dorothea van Zyl, Woordfees-direkteur, verwelkom almal en haal 'n hele paar reëls aan uit *Houd-den-Bek*: "Al wat ek kan sê van alles wat verby is, is ek was dáár gewees, ek het my uit niks gehou nie."

Prof. Willie Burger, hoof van die departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria, bespreek die tema van verandering in Brink se werk. In die sestigerjare verlê Brink die gang van Afrikaanse letterkunde met sy literêre *critique*, en "wragtag nog steeds in die nuwe eeu" maak hy, boek na boek, 'n veranderde blik moontlik. Soos Burger dit stel: "Sy werk maak 'n mens deurgaans bewus dat die verlede ook anders vertel kan word. As 'n ander vertelling 'n mens anders kan laat terugkyk, maak dit ook 'n ander vorentoe kyk moontlik."

"André P. Brink, in tien minute, is suiwer waansin!" begin Abraham de Vries, jarelange vriend van Brink. Sy staaltjies laat die gehoor skaterlag. Hul eerste ontmoeting was as jong, opkomende Pretoriase skrywers, waar hulle geredekawel het oor die woord "klong". Dit was De Vries se eerste voorsmakie van Brink se progressiewe denke.

Brink kom kuier in Amsterdam en word gevra om ses artikels te skryf oor Afrikaanse prosa. Hy leen De Vries se tikmasjien en in die loop van 'n oggend tik hy al ses artikels, sonder naslaanwerk.

"André tik met sy voorvinger van sy regterhand, gebruik sy duim vir die spasiëringsbalk, en sy linkerhand om sy kop mee te stut," vertel De Vries.

Laastens is Brink self aan die woord. Hy praat uit die vuis en die gehoor hang aan sy lippe. Wat hom nog altyd aan die gang gehou het, sê hy, is skryf in die naam van die ongesegde en onsegbare.

"Deur dit wat ons sê, probeer ons onsself bewus hou en lesers aanmaan dat daar die éintlike dinge is wat saakmaak, dinge wat nie gesê is nie, dinge wat nooit gesê kán word nie, maar in die rigting waarvan ons in elke ding wat ons wel sê, probeer mik."

Hy beklemtoon ook die belangrikheid van die Woordfees. "Dit maak dit moontlik om elke jaar meer intensief die woord te gedenk, met die woord om te gaan en deur ons gebruik van woorde elke keer net te bevestig en te sê: omdat ons die woord het, is ons mens, en sal ons mens bly."

**MARI BEUKES**

Petra Müller se hande lê op haar skoot, bo-op twee klein digbundeltjies. Sy dra 'n lang swart rok besprinkel met helderkleurige blomme.

Sy wag vir die gehoor om die stil Sasol Kunsmuseum binne te skuifel. In die geel kollig kry Petra die voorkoms van 'n feëkoningin: vorstelik, dog speels en broos. Dit is daarom gepas dat Charles Fryer hierdie bekroonde digter se werk eenmaal beskryf het as 'n mengsel van die "alledaagse en die sublieme".

Sy vertel staaltjies uit haar kinderdae in die Overberg. Byvoorbeeld, tot die gehoor se groot vermaak, hoe "patats plant" die oorsaak van 'n krom vinger is. Sy onthou haar pa se gesig toe hy sy graaf hard neergespit het op 'n "harde deel van die land".

Dit is met daardie einste vinger in die lug wat sy vele digters se werk help omtower het in bekroonde bundels. "Wees genadeloos met gedigte," is haar raad.

Sy vertel ook van haar ma, die stil, diep vrou wat aan haar gesin 'n "binnelewe" gegee het. "Die gedeelte van jou bestaan wat onsigbaar is vir ander. Dis ook waar jou geluk en ongeluk vandaan kom," verduidelik sy.

Al beteken die naam Petra rots en al is daar 'n aardsheid in haar werk, word dit dikwels vermeng met iets meer magies.

"Ek hou van spokerige ou foto's," sê sy byvoorbeeld oor die sepiabeelde geprojekteer op die skerm agter haar.

Tussen die dowwe ou beelde van haar eie ouers en Europese skoonouers is die skerp swart-en-wit profiel van 'n jong man: haar broer Nico.

Dit is oor sy onverwagse dood dat verlies die grondslag van Petra se poësie geword het. Nes haar rok is haar werk vol helder kleure, maar vrolikheid dryf in 'n donker agtergrond.

"Ek dink nie een van ons het ooit werklik herstel na Nico se dood nie. Ek het beslis nie."

Die laaste foto op die doek is van 'n ou vrou met drie bokkies wat uit haar skoot eet. Sy vertel van die skugter grys bokkies van die rûens van die Overberg. En van hoe die mense die bokkies waarop die inwoners van die distrik gedurig jaggemaak het, hulle "probeer heelmaak het" as hulle gekwes was.

"As jy mooi kyk na daai middelste bokkie, kan jy sien sy is besig om hom agter sy oortjies te krap."

Uit die foto verduidelik Petra haar siening van die digkuns.

"As jy daardie diepste lewe van die mens as 'n skaam en skugter bokkietjie sien, is die taak van die poësie dan om ook heel te maak. En dit is 'n eenvoudige taak."

Wanneer die tyd om is, sê Petra sag en beleefd: "Baie dankie dat julle gekom het."

# *Uys Krige se invloed steeds sigbaar in Suid-Afrikaanse geesteslandskap*

Die "goue seun" van Suid-Afrikaanse letterkunde, Uys Krige, sou vanjaar 100 jaar oud geword het. Amanda Botha, in gesprek met Krige se dogter Eulalia en susterskind Grethe Fox, vier Uys se merkwaardige lewe.

**GEORGE MILLER**

In die ouditorium van die JS Gericke-biblioteek heers 'n intieme atmosfeer. Talle familielede en -vriende is teenwoordig.

Boeiende staaltjies skets Krige as 'n ingewikkelde karakter, 'n borrelende stranddigter met 'n liefde vir die mensdom wat tog gróót eensaamheid geken het.

"My pa was totaal onprakties. Hy was altyd daar bó in Afrika, maar my ma het ge*cope*. Hy was 'n oorlogskorrespondent, hy moes iewers 'n inkomste verdien het," vertel Eulalia oor Krige se lang afwesigheid tydens die Tweede Wêreldoorlog. Krige, 'n kranige briefskrywer, het gereeld gesensureerde briewe aan die gesin gestuur.

Krige het volgens Fox 'n hegte verhouding met sy moeder, Sannie Uys, 'n "gefrustreerde kunstenaar", gehad. "Hy het haar aangemoedig om te skryf, hy was haar vurigste ondersteuner."

Sannie het uiteindelik op 50 haar debuutwerk gepubliseer. "Dit was 'n vennootskap. Marjorie Wallace het tereg gesê die naelstring is nooit geknip nie!"

Fox onthou Krige se warm verhouding met sy broers. "Hulle het vreeslik lekker gekuier. Uys was altyd die voorbok en het meer gepraat as enigiemand anders."

Terwyl die staaltjies vloei, word swart-en-wit foto's van Krige en kie op 'n skerm vertoon. Selfs as ou man straal sy ondeunde gesig lewensvreugde en energie uit.

Eulalia onthou dat hy altyd reg was om die pad te vat, hetsy oorsee of Kaap toe.

> **Gesondheid in die rondheid, mooi meisies in die blomtyd – en die lewe in al sy bontheid!**
>
> **– "Heildronk", Uys Krige**

"Hy was rusteloos by die huis."

Vir reëlings tref was daar nie tyd nie. "My pa se tas het 'n hemp en 'n broek bevat, verder net boeke," onthou sy. "Hy't gesê hy leen sommer klere waar hy kom!"

Krige was 'n strandmens. Fox het sterk herinneringe aan die tyd toe Krige en sy vriend, die skrywer Jack Cope, 'n huis op Clifton se Tweede Strand gedeel het. "Dit was merkwaardig – hierdie mense se sitkamer was die strand," vertel sy.

"Almal het om Uys vergader, hy was die sonkoning."

Krige het daagliks geswem. Sy bynaam – die wandelende verkleehokkie – kom juis van sy gewoonte om met 'n handdoek onder sy kieliebakke op die strand te verklee.

"Hy het geglo hy is verwant aan elke persoon in die land," vertel Fox oor Krige se gewoonte om lang gesprekke met wildvreemde mense aan te knoop.

"Hy was 'n vrolike mens, maar daar was ook 'n skadukant, die *sol y sombra*," verduidelik Fox. "Ek het die borrelende jong man deur *Die Goue Seun* leer ken, maar die ouer Uys wat ek as kind geken het, was vir my altyd eensaam."

Sy onthou die reël "die lewe is alleen draaglik as 'n mens bietjie dronk is" om dié selfspottende Krige te beskryf. "Dit sal my altyd bybly, die eensame figuur wat as ons vertrek, sou staan en waai totdat ons wegraak. Uys kon nie groet nie, jy moes jou van hom wegskeur."

As Dertiger het Krige hom oor jong Sestigers soos Ingrid Jonker, André P. Brink en Breyten Breytenbach ontferm. "Hulle was gedurig op die strand, besig om te gesels terwyl papiere rondwaai," sê Fox.

"Wat ek van Uys geërf het, is sy deurmekaarheid, die rondgestrooide papiere wat sy bed soos 'n bredie laat lyk het," vertel sy.

Krige se legendariese ongeërgdheid het egter nie vir sy skryfwerk gegeld nie. Eulalia onthou Krige se besorgdheid oor woorde, sy eindelose geskaaf, selfs aan reeds gepubliseerde werke.

"Hy was vurig oor sy werk. Jare na die stories en gedigte verskyn het, het hy nog korreksies gemaak. Só kon hy nooit besluit of dit 'môrester bo die Abruzzi' of 'môrester oor die Abruzzi' moes wees nie."

Meer as twintig jaar na Krige se dood toring sy invloed nog oor die Suid-Afrikaanse geesteslandskap. Sy enigste oorlewende suster, Suzanne Fox, som sy nalatenskap die treffendste op as sy sê: "Hy is nog steeds 'n teenwoordigheid."



**BEKVEGTERS** Van links na regs is Breytenbach Lykverdag (Niel van Deventer), Jou Moer! (Jo Prins), Sheila Concussion (Charlene McKenzie) en Ingrid Dronker (Ronel Nel). FOTO: NADINE THERON

Digters se vernuf laat gehoor 'Oopmond'

# Rock 'n roll digters

**NADINE THERON**

Een vir een wals die blinkgesig digters oor die verhoog, elk met 'n glas of 'n bottel wyn in die hand, of albei. Elkeen van die digters het vir die aand 'n persona aangeneem.

"Ek is Hoerneef, die skeidsregter," verduidelik Melt Sieberhagen. "Dames en here, ek stel voor: Ronel Nel en Danie Marais, vanaand bekend as Ingrid Dronker en NP van Lykskou!"

Laasgenoemdes neem hulle plekke in aan 'n tafel links op die verhoog.

"En Jou Moer! En Breyten Lykverdag!"

Jo Prins en Niel van Deventer maak hulself gemaklik by nog 'n tafel op die verhoog.

"Ons puntehouer," kondig Melt aan, "is Charlene McKenzie as Sheila Concussion. En die *swinger* is DJ Totterman, oftewel Andries Bezuidenhout."

***

Die deelnemers van *Oopmond* ontmoet my by Trumpet Tree, waar hulle drie ure voor die vertoning bymekaarkom om die aand te beplan.

As skeidsregter moet Melt die orde handhaaf. "Ek moet keer dat die digters mekaar nie begin donner nie en ek moet die gehoor kalm hou."

"Mense moet hulle klere aanhou."

Oor die vertoning sê Melt: "Dis 'n gewone bekgeveg waarin daar twee spanne is wat kompeteer op grond van geïmproviseerde *on-the-spot* gedigskryf."

Die twee spanne is Die Korrektiewe Stewels (Nel en Marais) en Jou Pa Se (Prins en Van Deventer).

"Ons kry 'n onderwerp by die *audience*. Die digter van elke span het 'n maksimum van tien minute om 'n gedig oor daai onderwerp te skryf," verduidelik Melt die tegniese punte.

"Terwyl hulle skryf, kry die twee oorblywende digters nog 'n onderwerp en hulle moet iets uit hul bestaande gepubliseerde werk lees. Dit word voorgelees en die gehoor kies 'n wenner."

John-Henry Opperman en Dawie Roux van Klopjag, asook Jaco Lotter en Nardus du Plooy van Die Kaalkop Waarheid, is die musikante wat dan die gedigte binne twintig minute moet toonset.

"Wat baie lekker is, veral met die impromptu rondtes," sê Andries Bezuidenhout oor *Oopmond*, "is jy dink kreatief op 'n totaal ander manier. Poësie is gewoonlik mos 'n baie stadige ding. 'n Mens kan dit oor en oor skryf, letterlik vir jare."

Oor die belangrikheid van so 'n vertoning sê Andries: "Ons almal is deel daarvan... dis nie die ding van die belangrike digter daar langs 'n kaggelvuur met 'n tikmasjien. Dit maak almal deel van die proses. Die interessante ding is mense koop digbundels na die tyd. Dit bring meer mense in die digkuns in."

"In Potch was daar 'n sewejarige laaitie," sê Ronel, "en hy het die *mic* gevat het en hy't gesê:

*Jou ma lieg vir jou*
*Jou pa lieg vir jou*
*Jou juffrou lieg vir jou*
*Maar Steve lieg vir almal.*

"En sy ma sê na die tyd moes sy elke Afrikaanse digbundel wat die afgelope jaar uitgekom het gaan koop want hy wil 'n digter word. 'n Sewejarige laaitie."

# *Daar is 'n kat in elke vrou, sê Scheepers*

**LOREN PIENAAR**

"Moet nooit 'n skrywer glo nie," sê Riana Scheepers.

Sy skryf oor 'n klomp katte in haar nuwe bundel *Katvoet*: groukatte, rooikatte, wildekatte, skuurkatte. Sy skryf ook haar hele lewe lank oor vroue.

"Vroue en katte is eintlik dieselfde ding. Jy kan hulle nooit besit nie, hulle besit jou." Sy beskryf hulle breë spektrum van versigtigheid en elegansie. "Ek is 'n katmens," verklaar sy.

Riana dra altyd net een oorbel. "Ek hou nie so baie van juwele nie, maar hou van een mooi juweelstuk. Al my vriende gee hulle oorbelle vir my as hulle die maat verloor het. Dié een is baie spesiaal. Dit is 'n spinnekop. My naam is kort vir Adriana wat afgelei is van die Griekse woord Ariadne, wat die spinnekop is."

Haar gunsteling-storie uit die bundel is die titelverhaal.

"Ek raak verlief op elke storie wat ek lees. Baie lesers wil so graag jou in die storie sien. Is jy die vrou wat nou kaal loop in die veld en ek is nie daai vrou nie. Ek is nie 'n jong ma wat nou 'n baba gaan kry nie. Hoekom ek dink dit is een van my beste stories, is omdat ek dit reggekry het om dit wat vir my op die oomblik in



Riana Scheepers. FOTO: MARI BEUKES

my lewe die belangrikste is, te integreer.

Dit is die oerstem van die vrou, *the wise old woman*, die *shaman*-agtige figuur wat in harmonie is met die natuur. 'n Realistiese verhaal word vertel van die vrou, die sensuele, *sexy* vrou,'n ma wat die liefde bedryf, maar sy word al hoe meer deel van die aarde, sy word 'n kat.

"Elegansie, die slinksheid van 'n vrou. My vorige kortverhaalbundel se titel was *Feeks.* Vroue in hierdie land wil net nie 'n feeks wees nie. Die woord is egter saamgestel uit feë en heks. En in elke vrou is daar die nimfagtige, engelagtige figuurtjie en 'n bietjie van 'n heks.

"Selfde met die katfigure. Elke vrou het die elegansie, die sjarme, die charisma van die kat, dan kom die slinksheid en die sluheid en slimheid."

Haar gunsteling-woord is wonderwerk en die wonder en die werk wat saam gaan. "Hoe meer 'n mens werk, hoe meer is die verwondering, en as jy hard werk dan gebeur die wonderwerke. Die een hond Tankwa wat in die boek voorkom is dood aan bosluiskoors. Daai brak was my vriend. Ek en hy het op 'n manier gekommunikeer wat bo-natuurlik was.

"Ek raak bewonder, begeesterd en nuuskierig. Dit is die ander ding van 'n kat, hulle is nuuskierig. 'n Goeie skrywer het ook hierdie jaginstink."

As jy 'n boodskap op haar selfoon wil los, hoor jy haar pragtige, sensuele stem wat sê dat sy besig is met wonderlike fantastiese dinge en dat sy jou sal terugbel wanneer sy klaar is.

# *Evita kook vir Zuma vleis, aartappels en potjiekos*

**LUKE GERTENBACH**

Pieter-Dirk Uys kan glad nie kook nie, maar tannie Evita kan.

"Mense sê hoe is dit moontlik? Dit is totaal moontlik – sy is 'n vrou en ek is 'n man!" sê Uys.

Evita se "Kossie Sikelela" is nie 'n gewone kookboek nie. "Party kookboeke is soos 'n padkaart vir iemand wat nie kan bestuur nie. Ek het begin vroetel met Evita se resepte en het dinge maklik laat werk. *Yes we can, without a can*," sê hy.

Tannie Evita het leer kos maak in haar ma se kombuis in Bethlehem. Hoewel sy bekend is vir haar bobotie, kan sy nie 'n gunsteling-resep kies nie. Evita maak voorsiening vir vegetariërs en diabete en die boek bevat ook Maleier-resepte.

Uys meen mense het 20 jaar gelede verbouereerd geraak as hul 'n vegetariër onthaal het. "Die onmiddellike reaksie was 'bring 'n appel'! Vandag is daar natuurlik wonderlike keuses."

Tannie Evita voel die pad na die nasie se hart loop nie deur sy brein nie, maar sy maag. So wat dink Uys sal tannie Evita vir Mandela, Zuma en Malema voorsit? "Mandela hou baie van *spaghetti meatballs*, wat Winnie oorspronklik vir hom gemaak het. Vir Julius sal Evita net cholesterol instop, laat sy hart gaan staan. Zuma is 'n vleis-en-aartappel-man. Hy is 'n Afrikaner, hy eet soos Pik: potjiekos."

Sy sal miskien vir hom iets bietjie ligter gee, "want as hy omval, wie de hel gaan oorneem?"

Die kookboek is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Uys sê: "Tegnies verskil die boeke nie, maar die vertalings was somtyds moeilik, potjiekos… *pot food*. Nee, dit werk nie."

Linda Vicquery se illustrasies is 'n fees vir die oog. Elke Suid-Afrikaner sal heerlik smul aan Tannie Evita se resepte en ure se genot uit hierdie boek put.

Sy sê immers: "Soos in politiek, is jy so goed soos jou laaste maal!"



**MET UYS** Nina van der Westhuizen het Grant Wood se skildery in 'n eg Suid-Afrikaanse weergawe omskep. FOTO: MARISA GEYER

# Memoires uit Frankryk in kookboek vasgevang

**VIER FEESTELIKE FRANKRYK IN AFRIKAANS EN FRANS.**
JOHAN COETZEE-KUNSGALERY, SATERDAG 6 MAART, 18:00.

**RENATE MOOLMAN**

Die gaste word verwelkom met glasies ligpienk wyn. Dis 'n wonderlike somersaand by die Johan Coetzee-kunsgalery.

Die geleentheid is feestelik. Strikkies met die kleure van die Franse vlag is om deursigtige vase gebind en kabaretsanger Niël Rademan, met 'n swart hoed op sy kop, betower die gehoor met Franse musiek. Louis Jansen van Vuuren se kunswerke met hul Franse tema voltooi die romantiese prentjie.

*Feestelike Frankryk: Fabels en Geregte uit die Franse Platteland* deur Hardy Olivier, Anet Pienaar-Vosloo en Louis Jansen van Vuuren, is op Saterdag 6 Maart aan Woordfeesgangers bekendgestel. Die pragboek is onder Jonathan Ball-uitgewers se top vyf verkopers.

"Die boek het spontaan gebeur en Louis skryf die mooiste stories ooit," het Pienaar-Vosloo gesê. Die boek, wat al op *Egoli* en *Carte Blanche* bekendgestel is, bevat dertig stories, elk met resepte vir 'n voor-, hoof- en nagereg – alles uit die Franse platteland. Rademan se *petit cabaret* pas perfek in.

Olivier, eers 'n bankier, het gesê hy het maar met tyd 'n kok geword. "Dis eintlik die maklikste ding om met resepte te werk. Geniet dit. *Bon appetit*!"

Die bekendstalling val saam met Jansen van Vuuren se nuutste reeks skilderye, *Die jagter se dogter*. Daar is ook talle foto's van hom in die galery. "Ek's nie verwaand nie," sê hy laggend. "Dis Anet se foto-essay oor my wat in Parys afgeneem is."

Die pienk wyn is spesiaal deur Bosman Family Vineyards gemaak ter viering van die boek.

"Ons gaan waarskynlik nie so baie geld maak nie, want ons gee dit alles op partytjies uit!" het Pienaar-Vosloo gesê met 'n glasie wyn langs haar. *C'est la vie en rose*.

# Voëlvrypolisiekar



**KOMBUIS EN KENNEDY** Twee Afrikaanse musikante, een protesaksie. FOTO: WILLEM VAN DER BERG

WILLEM VAN DEN BERG

Dit is moeilik om Koos Kombuis nie raak te sien nie. Hy het een van daardie kleurvolle Afrika-gewade aan. En 'n kopdoek. Hunter Kennedy is egter nie te sien nie.

Koos beduie na 'n massiewe blou opgeblaasde kykNET-stoel.

"Hy sit op daai moerse stoel."

Hunter sit nie, hy lê. Hy sê hy voel 'n "bietjie hungover".

Ons gaan sit saam om 'n tafel. Koos Kombuis en Hunter Kennedy sit oorkant mekaar, die verteenwoordigers van twee generasies. Voëlvry aan die een kant, Fokofpolisiekar aan die ander. Maar vanaand gaan hulle hierdie twee bymekaar bring.

"Dit is nie maklik nie. Ons het baie verskillende style. Ek dink Hunter-hulle maak *great* musiek en ek doen basies net improvisasie. En ek speel solo en doen nie regtig rock nie. Ek kan ook nie 'n *c sharp minor* speel nie…"

"Ja jislaaik, ons *influence*s is baie verskillend," sê Hunter.

Koos kyk oor sy wynglas na Hunter.

"Dis *sad* daar is so min *reviews* oor hierdie *band* (Fokofpolisiekar). Hulle lirieke hoort in die *Groot f*kken Verseboek*. Dis gedigte man."

Hunter vroetel met die waterbottel. Kyk dan op na Koos en sy wynglas.

"*Since* julle (Voëlvry) was daar nog nooit weer iets in Afrikaans vir ons om te luister nie."

Die tyd waarin hulle skryf het hul lirieke beïnvloed en daarom is die aanslag so verskillend, sê Koos.

"Kyk, ons het die *establishment* aangeval. Ons het uit die laer geklim en alle Afrikaners was vir ons d*se."

Hunter: "En ons was *sort of* in die laer en wou vir die wêreld sê alle Afrikaners is nie so nie. Al die k*k van '94 het ons vervreem en ons het probeer sin maak uit alles."

Waaroor stem Voëlvry en Fokofpolisiekar saam?

Koos frons.

"*Sh*t*, ek weet nie… ons stry nog oor God. Of hy 'n *alien spaceship* is of nie."

Hunter lag. "Hy is."

Die Afrika-gewaad staan op. "Oukei, ek gaan pie en dan moet ons maar begin."

Om Voëlvry en Fokofpolisiekar saam op een verhoog te hê, is nie 'n musikale wonderwerk nie. Die verskillende style bots soms, maar daar is 'n grootsheid in die rou eerlikheid van die woorde. Dit was daarom asof die twee groepe se musiek vir party mense soos 'n godsdiens is, omdat sommige gehoorlede gelyk het of hulle tot iets bid.

Koos se stem kry skielik daardie kenmerkende toon van "Reconciliation day". Diep en donker. Hunter pluk aan die kitaar.

"Vir jou is daar nog messe wat wag. In die bosse buite jou huis in die nag…"

Met Fokofpolisiekar se "Brand Suid-Afrika" vind die twee generasies mekaar. 'n Spontane reaksie wat die lug laai met duisende volts.

"Jy kla oor die toestand van ons land, wel, f*kken doen iets daaromtrent. Brand Suid-Afrika."

## Zinkplaat en Tidal Waves breek klankgrense

WILLEMIEN CALITZ

Stel jou voor: 'n glasie wyn by Beyerskloof, omring deur wynplase, berge wat smeul in die sonsondergang en die strelende klanke van Zinkplaat in die agtergrond. Perfek. Net een ding kan hierdie toneel verbeter: die reggae-*beat* van Tidal Waves. Zinkerige reggae, soos Bertie Coetzee van Zinkplaat dié samewerking noem, is verbasend suksesvol.

Aanhangers van dié *indie-blues band* sal bly wees om te hoor dat "Piekniek op die Maan" net so *stunning* klink wanneer Jacob "Zakes" Wulana die lirieke sing. Albei *bands* gebruik hul oorspronklike *songs* en kikker dit op met mekaar se invloede. Reggae-*blues*, *blues*-reggae. "Tidal Waves is die beste *band* in die wêreld. In die wêreld," het Bertie gesê toe hy hulle voorgestel het.

Zink en die Waves het mekaar op 'n *Rock Against Racism*-toer ontmoet en toe besluit om saam iets te probeer.

"Ons het letterlik net een aand saamgeoefen en steak en mielies gebraai. Ons moes mielies op die kole gooi, want Jakes is 'n *vegetarian*," het Bertie gespot.

Die wyn het die aand van Vrydag 5 Maart gevloei en die klein gehoor het rustig lyfgeswaai op die ritme van díe twee bands. Jakes het die ahhh-faktor na die *show* gebring met sy kommentaar: "*The stage is small, but the welcome is big.*" Ahhh... Dit was nogal 'n snaakse prentjie, 'n *band* wat uit Kaapse boerseuns bestaan op *stage* met Rastafariërs van Noordwes. Maar soos Jakes sê, *"Original music for original people."*



**BRAVO, DAMES** Cutt Glas betower steeds. FOTO: LOREN PIENAAR

## Cutt Glas ná twintig jaar steeds vlymskerp

LOREN PIENAAR

Hulle was in Boksburg en Karen Meiring en Bondina Osterhoff – die twee lede wat die a cappella-groep Cutt Glas begin het – het voor geloop. Hulle meld toe by 'n middeljarige man aan vir hul konsert. "Ja-nee," sê die man, "toe my vrou sê sy't Cutt Glas bespreek, het ek geweet julle is 'n klomp ou tannies."

Die ander drie lede, Mabet van Wyk, Karen Wessels en Rozelle Blackie, kom toe aangestap. Die man snak na sy asem. "O nee, wag! Ek was verkeerd! Julle is masjiene!" roep hy opgewonde uit. Waarop Karen antwoord: "Ja, en gelukkig is ons nie Elna's nie, maar Singers!"

**"My boyfriend's rod is so hot I can use it as a curling iron." – Cutt Glas in konsert**

Cutt Glas het vir hul twintigjarige herdenking, wat amptelik op 1 April is, drie voormalige lede van die groep genooi om saam met hulle op te tree. Die atmosfeer en opwinding het op die aand van Vrydag 5 Maart die koue in die opelug Oude Libertas Amfiteater gevul. Dit was stampvol en ekstra stoele is ingedra. 'n Fyn ou tannie het haar gebreide pers musiek uitgehaal en gefluister: "Ek wag al drie jaar vir hierdie konsert."

Anna Davel, nou 'n solo-sangeres en Sama-wenner, het die gehoor laat regop sit. "Sama Ons," soos Meiring grappenderwys opgemerk het.

Met die kommentaar "*My boyfriend's rod is so hot I can use it as a curling iron*" en "*My boyfriend is so hot he turned black*" het Cutt Glas "Radio Gaga" ingelei. 'n Grappie is ook oor die gewilde sepie *7de Laan* gemaak toe een lid sê, "Kom ons hou nóg 'n modeparade!"

"Land van Melk en Heuning" is een van hul eie komposisies. Die lirieke lui: "Onder 'n groen doringboom het Mbeki gedroom van 'n plaas sonder enige baas en 'n land waar gloeilampies brand. Die Springbokke spring, Bafana hanna-hanna, Ramaphosa *pause* vir 'n *photo opportunity*, die Eishkommers is almal dom donners en die Kapenaars kaap."

Een van die stigterslede, Shireen Hollier, het op 'n meer ernstige noot "Everybody hurts" gesing, terwyl Jolette Odendaal, wat tien jaar saam met die groep gesing het, ook 'n solo-item gelewer het.

Die skare is oorweldig deur die talent – 'n hele musiekgroep sonder 'n enkele instrument. Geluide wat klink asof dit iewers uit 'n misterieuse oerwoud deur bedreigde voëlspesies gesing word. Die vlymskerp politieke kommentaar. Vir 'n tweede maal is almal juigend en orent. En Cutt Glas verdien dit!



**DAVENPORT EN ERASMUS** steel 'n blaaskans. FOTO: WILLEM VAN DER BERG

### Snake het gebel...

## ...en toe brei Bellville-bands uit

CASPER STRYDOM

"Niks is oorspronklik nie. Vat wat jy wil hê."

Dit is Thieve, Suid-Afrika se jongste Bellville-*band*, se leuse.

Die manne van Thieve was almal in ander *bands* voordat hulle Thieve gevorm het. Andrew Davenport (Ashtray Electric), Phillip Erasmus (New Loud Rockets) en Fred den Hartog (Die Helde) lag lekker wanneer hulle praat oor hoe die drie van hulle verlede jaar bymekaargekom het.

"Vandat ek my *demo* vir Phillip in sy bakkie gespeel het, was ons twee gemotiveerd om die nuwe *band* te laat werk. Ons het toe met Snake (Jaco Venter van Fokofpolisiekar en aKing) gepraat en hy het Fred as kitaarspeler vir ons nuwe projek voorgestel. Toe ons Fred nader, het hy nie belanggestel nie," vertel Andrew.

"Ek het nie van hulle gehou nie," is Fred se eerlike reaksie.

"Ek het wel later, toe Snake my gebel het, ingestem om 'n lid van die *band* te word, maar dit was net omdat ek gedink het Snake sou ook deel van die *band* wees..."

**"Dit help dat ons mense in hoë plekke ken, maar hulle sou nie vir ons 'n kontrak aangebied het as hulle nie ons potensiaal raakgesien het nie." – Phillip Erasmus**

Dié drie kan egter nie nou spyt oor hul besluit wees nie. Pierre Greeff (voorsanger van Die Heuwels Fantasties) se Supra Familias platemaatskappy het gou Thieve se talent raakgesien en hulle gehelp om hul eerste album, *Gold*, verlede jaar in Oktober uit te reik.

Dié superfamilie van Belville-*bands* brei by die dag uit. Andrew sê die lede van die verskillende *bands* ken mekaar, kuier saam en ondersteun mekaar se musiek. Phillip voeg egter by dat hulle nie op 'n skelm manier in die bedryf beland het nie.

"Dit help dat ons mense in hoë plekke ken, maar hulle sou nie vir ons 'n kontrak aangebied het as hulle nie ons potensiaal raakgesien het nie," meen Phillip.

"Ons albumverkope doen OK, maar in hierdie stadium is dit vir ons belangrik om soveel blootstelling as moontlik te kry," sê Andrew.

Al kry hul *fans* hul musiek op 'n onwettige manier in die hande?

Andrew huiwer eers om dié vraag te beantwoord (duidelik wil hy hê mense moet eerder hul CD koop), maar erken dat hy ook al musiek so bekom het.

Hulle is tans besig om die lirieke vir hul tweede album te skryf, en 'n nuwe video saam met Die Heuwels Fantasties en Jack Parow gaan binnekort op MK verskyn.

‘Dis cool om common te wees’ laat die Kaapse rapper ’n mens voel terwyl jy brandewyn drink

# Jack Parow: Cape Flats en SA se superhero

**LOREN PIENAAR**

Jack Parow vier minstens twee keer ’n week sy verjaardag in die Spur, die plek waar hy sê hy gebore is. Dan vier hy ook die verjaardag van die man wat aan hom geboorte gegee het – Zander Tyler.

Hy wat Jack is, eet dan ’n Spur-burger. Obviously. Partykeer ’n chicken schnitzel.

Op 22 Februarie het Zander Tyler en Jack Parow 28 jaar oud geword. “Gangster numbers, 28, ” sê hulle.

Vandag daag net Jack Parow op vir die onderhoud by Aandklas in Stellenbosch. O, en Dominique Benton, sy girlfriend.

Rooi maak-my-sterk-lyk-hempie. Check. Groen rapper-style skoene. Check. Boardshort met appelstronke en wurms wat daaruit peul. Check. Sy lang kenmerkende hoed? “Ek sou dit die heeltyd gedra het, maar ek kan nie met mense praat nie, dan poke ek hulle in die eyes.”

Parow is onlangs op die voorblad van die *Mail & Guardian* geplaas en daar is ook ’n onderhoud met hom gedoen.

“Dis fokken cool, dis amazing, ja, ja dis great. Ek moet sê ek sal eerder op die voorblad van die *Huisgenoot* wees, maar die *Mail & Guardian* is goed.”

Hy lag beskeie, ’n eerlike lag. “Die dag wat ek op die voorblad van die *Huisgenoot* is, kan ek retire.”

Abri word geroep. “Jy kan maar vir my ’n brandy… uh-uh, kry maar net vir my ’n lemonade en die rump of die sirloin, wat sou jy aanbeveel is lekkerder?” Abri stel die rump voor.

“OK, gooi vir my ’n rump. Medium rare.” Hy vra vir mushroom-sous ook.

“Dis warm hier. Ek sit hier aan die muur vas en shit. Hoor daar,” uiter hy en trek sy skouers van die muur af. Abri vertel van die drank-special.

“Ek gaan nou-nou drink, ek wil nie te dronk raak nie.”

Parow vertel hy het vir mechanic geswot. Hy het gehelp om Die Antwoord te begin, maar toe raak dit tyd om sy eie ding te doen. Hy wil nie veel oor Die Antwoord uitbrei nie, maar dink hy hulle is cooler as hy omdat Katy Perry oor hulle ge-tweet het?



**DIE MAN MET DIE SNOR BY DIE BAR** down ’n brannas en Coke voor die show. FOTO: GEORGE MILLER

### Wat maak Jack cooler as ekke...

**Ultimate vraag:** Hoe baie brandewyn kan jy eintlik drink?
**Foon:** Upgrade van die Nokia 3310, dink ’n 6210. Dit het ’n kamera en GPS so dit is ’n bietjie cooler.
**Oor Julius Malema:** Hy het cooler karre en watches wat hy koop met Suid-Afrika se geld.
**Ultimate hangover cure:** Myprodol en Energade. Hy hou nie so baie van tamatie nie, maar bloody mary net as hy regtig hangover het. “Weer begin drink is die beste.”
**Suid-Afrikaanse kunstenaars met wie hy nog wil saamwerk:** Kurt Darren en Steve Hofmeyr. Hy sal graag die liedjie “Ho’s in different area codes” wil sing.

Hy antwoord amper té vinnig: “Hulle is nie vir ’n fok nie.”

Dominique Benton (sy meisie) se kort hare is ge-bleach. Sy sit aan die tafel en burp elke nou en dan “on record” in die agtergrond.

Wat hoor ’n mens van hom en die digter Antjie Krog?

“Ek was by ’n workshop [van Antjie Krog]. Sy is ’n cool girl, tannie of watookal. Ek het by ’n workshop van haar een van my songs gedoen vir die mense. By Kaapstad se universiteit het sy so ’n ding gehad oor die hele rap ding en so aan en toe het ek een van my songs vir die mense gedoen.

“Dit was fokken mal, want almal het hierdie heavy shit gedoen. Hulle almal is soos hierdie coloured en soos swart mense wat uit heavy plekke kom en hulle poetry is heavy. Soos hierdie chick uit Mitchells Plain wat praat oor goed soos dat sy kinders kry en arm is. En toe kom ek en doen die Brackenfell Boys choir oor hoe ek gesuip is en geslaan word. So dit was soos weird, maar die mense het dit gelove.”

En ja, hy soek ook world peace en dat daar nie meer honger kinders moet wees nie. “Ek rap al in die Cape Flats vir jare, so ek was in daai vibe gewees, maar ek is nog nie bevoeg om met die hoeveelheid geld of publicity mense te help nie. Ek het al gewerk by ’n soup kitchen, maar voordat ek nog enigiets was.”

Hy dink nogal dit sal cool wees om iets goed vir ander te doen, soos ’n “foundation vir stripper moms”.

Pleks van CD’s in die winkel, het hy sy eerste “album”, *Onder draai die duiwel joints*, op flash disks in die vorm van roomysstokkies verkoop. Al 600 is verkoop.

Sy volgende vrystelling noem hy *Jack Parow.*

“Net ’n plain CD, nog altyd met ’n cool design, maar daar kom ’n hele campaign saam met dit wat befok gaan wees en ons doen ’n Jack Parow game.

“Sacha Waldman het al die foto’s geneem van my cover. Hy het al Eminem, Ludacris, 50 Cent, Martin Scorsese en die klein kid van Sixth Sense afgeneem.”

Hy het sy lewe lank in Barneys in Hermanus uitgehang, maar hy sê “daai jol het rof geraak nou, obviously toe ek nog jonk was, was dit nog rustig, maar nou gaan ek nie eers meer daarnatoe nie”.

Parow het in Hermanus aan sy album gewerk. “Ek het gisteraand in ’n zen mode ingegaan. Narch van PH Phat het vir my ses beats gemaak en toe het hy vier songs in ’n ry gemaak.” Sy volgende album word hopelik einde vandeesmaand of andersins begin April vrygestel.

Ons word onderbreek deur twee jong meisies in kort rokkies wat met smekende puppy-eyes vra of hulle asseblief net een foto kan neem. Eintlik asseblief net twee. (Later het hulle vir nog ’n laaste een kom vra.) Dominique sug net en sê, “I’m learning, I’m learning, I’m getting there. I used to get really angry, but I’m learning. It’s fine until they start asking for a kiss.”

Die *crazyste* ding wat ’n *fan* gedoen het? “My girlfriend het my al met haar panties gegooi op die stage,” lag Parow. “It was my bra actually,” sê Dominique.

# *Die Heuwels: Fantasties of Bombasties?*

**NADINE THERON**

**KLT OPKIKKER**. MET THIEVE, TIDAL WAVES, DIE HEUWELS FANTASTIES EN JACK PAROW. KLEIN LIBERTAS-TEATER, WOENSDAG 3 MAART, 18:00.

Hulle het die brug tussen dans en rock suksesvol oorgesteek en oornag die nuwe liefling van Afrikaanse musiek geword. Hulle verenig rockers en dansers sodat hul bewonderaars oor alle spektrums van Afrikaanse jeugkultuur strek. Bewonderaars is verlief. En die liefde is blind.

Hande op – wie was al by ’n vertoning van Die Heuwels Fantasties waar die klank nie op standaard was nie?

“Maar jy moet in ag neem die *feedback* wat hulle kry van die monitors op die *stage* is baie keer anders as dit wat die gehoor hoor...”

“Ja, laas jaar by Carry Six Packer. Hul enigste *show* wat goed was. As ’n mens voor teen die stage staan, klink dit *fine*...”

Om die musikale tegniek van een van Afrikaanse musiek se grootste name te bevraagteken, is om reguit in die leeu se bek te kyk. Maar hoe kyk ’n mens verby die feit dat Die Heuwels Fantasties tydens hul optredes bitter selde in harmonie saamsing? Waar dit dikwels klink of elkeen van die musikante hul eie weergawe van hul treffers speel, in hul eie toonaard en op hulle eie tempo?

Dis moeilik om te glo dat daar iets skort



***EARPLUGS* VIR KERSFEES** Het Pierre probeer? Sweer? FOTO: LIZE SWARTZ

met Pierre Greef en Hunter Kennedy se vokale vermoë. Greef het bekendheid verwerf met die nootvaste Lukraaketaar en Kennedy verskaf aanvaarbare agtergrondsang vir Fokofpolisiekar en aKING.

Lê die probleem dan moontlik by hul klank-tegnologie? Dis die eenvoudigste verduideliking en beslis een wat Die Heuwels Fantasties *fans* sal verkies. As dit wel die geval is, moes die hardnekkige probleem mos nou al uitgestryk gewees het.

Is dit moontlik dat die *band* werklik salig onbewus is van die gehalte van klank by hul *shows*? Indien dit die geval is, moet iemand dalk die ouens op die skouer tik en inlig, of hoe? Dit kom voor of die slim musikante dink hulle hoef al lankal nie meer die gehoor se harte te probeer wen met goeie optredes nie.

# Gereg in die gat: Zoid en kie kook behoorlik

**CASPER STRYDOM**

**NEELSIE GERAAS INNIE GAT**. MET NEW HOLLAND, KAREN ZOID EN DIE HEUWELS FANTASTIES MET JACK PAROW. NEELSIE-STUDENTESENTRUM, DONDERDAG 4 MAART, 18:00.

Dis ’n eenvoudige resep. Vat bekende kunstenaars soos New Holland, Karen Zoid, Die Heuwels Fantasties en Jack Parow en gooi hulle in die Neelsie-studentesentrum se gat. Voeg by gratis toegang en ’n kroeg en skielik ontstaan ’n gebeurtenis waarvoor enige student sy lippe sal aflek.

Talle studente het daardie aand net voor 18:00 al na die Neelsie toe gestroom om ’n staanplek vir die jaarlikse Neelsie Geraas Innie Gat te verseker. Die verrigtinge, wat veronderstel was om 18:00 te begin, het frustrerend lank geneem om eers aan die gang te kom.

Teen 19:45, toe die eerste *band* uiteindelik hul verskyning gemaak het, was daar verskeie blikkie-piramides uit verveeldheid gebou.

Dié piramides is gou weggeblaas toe New Holland die aand met van hul bekende liedjies soos “Uhuru”, “Shine” en “Something to believe in” begin.

Karen Zoid, gewapen met ’n kitaar in die een hand en ’n Heineken in die ander, was volgende aan die beurt.

“Ons is so bly om te sien julle swot nie,” het sy gesê net voordat sy met “Afrikaners is plesierig” losgetrek het. Haar sterk stem het heel waarskynlik die hardwerkende studente in die Studiesentrum en die biblioteek se konsentrasietyd voor die boeke onplesierig gemaak.

Ná Zoid se rock-chick vertoning was dit tyd vir Die Heuwels Fantasties. Die gehoor, met hul hande in die lug en koppe wat ruk, het elke woord saam met dié elektro-pop band gesing. Met treffers soos “Pille vir Kersfees”, “Sonrotse” en “Leja” het Die Heuwels Fantasties eintlik net die gehoor lus gemaak vir die aand se finale bestanddeel.

“Parow! Parow! Parow!” het die gehoor vir Jack Parow begin roep.

Na Die Heuwels Fantasties se vyfde liedjie was die gehoor nog steeds op soek na Parow, maar die ou met die snor was nie eens by die kroeg te vinde nie.

Uiteindelik het hy met sy kenmerkende lang pet op die verhoog verskyn en saam met Die Heuwels Fantasties “Die Vraagstuk” gesing. Daarna was die gehoor net uitgehonger vir meer van sy skerp lirieke.

Parow, wat eintlik net saam met Die Heuwels Fantasties vir dié een liedjie moes optree, het die gehoor bederf met sy bekende treffer, “Cooler as ekke”.



**VIER STEMME** Jannie Moolman, Mauritz Lotz, Annake de Villiers en Deveraux van der Hoven het op Woensdag 3 Maart in *4x4* uitstekende musiek gemaak by die Stellenrust-wynplaas. FOTO: LIZE SWARTZ

## *Lize en Amanda betower 'Saam'*

**RENATE MOOLMAN**

"Met ons wysies en ons woorde, ek en jy saam." Só beloof Lize Beekman en Amanda Strydom om die gehoor te betower in hul vertoning *Saam*.

Dit is 'n warm somersaand by die Oude Libertas-amfiteater. Beekman se rustige kitaarstrelings is in stemming met Strydom se diep stem.

Toe Beekman Kaap toe trek, het Strydom haar teenwoordigheid gemis. Beekman het heel gepas die liedjie "Dankbaar vir aeroplanes" gesing terwyl 'n vliegtuig oor ons koppe vlieg – asof die oomblik beplan was.

Hul samesyn laat my twee keer huil. Die rou egtheid in hul stemme tas die hele gehoor aan. Dit bring onverwags emosies na vore. Maar hulle verlang en is hartseer saam met jou.

Dis veral hartseer toe Strydom 'n liedjie aan Johannes Kerkorrel opdra. Die ligte in die agtergrond verander na blou. Daarna laat sak sy haar kop saam met die gehoor.

Tydens die opvoering reik Strydom telkens haar hand uit na die gehoor.

"Tap vir jou 'n skuimbad, brand 'n kers en lees 'n boek," sing Beekman. Die rustigheid van die prentjie is tasbaar.

Die gehoor klap gereeld hande en toon só waardering aan die sangers se jarelange musikale bydrae. Janine Neethling is, soos Strydom sê, "die geniale" musikale regisseur en pianis.

Beekman beskryf haar medesanger as 'n "formidabele kunstenaar". Strydom het verlede jaar haar dertigste jaar in die musiekbedryf gevier. Strydom voorspel Beekman, of Lili soos sy haar noem, gaan "selfs langer" daarin wees. En 'n mens móét saamstem.

Die laaste liedjie gaan oor hoop, geloof en liefde. Die duo sluit met 'n gepaste "Amen" af. Die gehoor verlaat die amfiteater met 'n stille bewondering en diep in gedagte.

# *100 jaar* van Afrikaanse liedkuns

**HEIN SCHOLTZ**

'N Unieke kombinase van lied- en digkuns is Dinsdagaand 2 Maart in die Endler-saal van die Konservatorium as deel van die Woordfees aan die gehoor gebied. Honderd jaar van liedkuns in die Afrikaanse taal is deur 'n uitgesoekte groep kunstenaars uitgevoer.

André Howard (bariton), Minette du Toit-Pearce (mezzo-sopraan) en Vanessa Tait-Jones (sopraan) – 'n trio by uitstek – het bekende poësie aan die gehoor voorgedra met begeleiding deur Elna van der Merwe.

Liedkuns, 'n term wat sedert die 1840's deur Robert Schumann gevestig is, word veral met die werk van Franz Schubert vereenselwig en is die uitvloeisel van digkuns van die 19de eeu.

Die genre bou op getoonsette gedigte van poësiemeesters soos C. Louis Leipoldt, NP van Wyk Louw en JRL van Bruggen, waar die Nederlandse en Engelse erfenis in ag geneem word.

Howard het betower met sy interpretasie van ID du Plessis se "Ek weet dat in die kalme samesyn", en veral sy vertroudheid met die teks het 'n goeie indruk gelaat.

Du Toit-Pearce se weergawe van "Met Apologie", met haar energieke gesigsuitdrukkings, asook haar weergawe van "Afrikaanse Wiegeliedjie", het die emosie goed oorgedra.

Tait-Jones, in 'n rooi rok wat haar passie goed weerspieël het, het 'n gevoelvolle vertoning van Antjie Krog se "Ek het gedink" gelewer.

Van der Merwe kon nie help om maar te glimlag oor dié begeesterde vertoning nie, en kon nie vir 'n beter geskenk (dit was haar verjaardag) gevra het nie.

Die aand is aan Lydia van Niekerk opgedra, wat in 1909 aangewys is as samesteller van 'n versamelboek oor die Afrikaanse dig- en liedkuns. Sy het egter gesterf voordat die manuskrip gepubliseer kon word, en ná haar begrafnis kon geen spoor daarvan gevind word nie.



**'N EEU VAN LIEDKUNS** André Howard voor die Endlersaal se indrukwekkende orrelpype. FOTO: CHIVIMBISO GAVA

# Bosch se kontrabas speel nie tweede viool

**MARISA GEYER**

Die stampvol Endler-saal verraai die bekendheid van die kontrabasspeler, Leon Bosch. Gebore in Suid-Afrika en nou 'n Britse burger, is hy een van die mees gevierde hedendaagse kontrabasspelers. Hy is tans solis van die Academy of Saint Martin in the Fields in Londen. Bosch neem gereeld deel aan musiekfeeste regoor die wêreld.

Bo en behalwe die klassieke musiekarena het hy ook die aandag van bekendes soos Madonna, Robbie Williams en Michael Jackson getrek en saam met hulle aan snitte gewerk. Sy entoesiasme en toewyding aan die instrument dra grootliks by tot die herlewing van internasionale belangstelling in kontrabaswerk.

Tydens Bosch se uitvoering saam met die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes (USSO) tree hy op as solis in Bottesini se "Kontrabas Concerto No.2 in B mineur" en Variasies op "Die Schöne Müllerin". Bottesini, 'n negentiende-eeuse komponis en kontrabas-virtuoso word deur die konsertprogram as die "Paganini van die kontrabas" beskryf.

Sy komposisies het die platform vir dié instrument geweldig uitgebrei. Hoewel hy ook orkes- en kamermusiek en tien operas gekomponeer het, is dit die kontrabaswerke waarvoor hy die beste onthou word.

Die aandprogram is ingelei deur Rossini se bekende overture van *William Tell*. Die USSO het hul reputasie goed gestand gedoen en die gehoor weggevoer. Dit is gevolg deur die Bottesini-werke. Bosch se spel het betower en sy gemak met die kontrabas het die duidelike genoeë vir die werk het die gehoor op hulle voete gehad.

Ná die pouse het die USSO hul flair gewys en afgesluit met 'n uitmuntende interpretasie van Bruckner se "Vierde Simfonie".

Emile Bruwer, die Franse horing-solis, het die gehoor bekoor. Daarna kom 'n dawerende inslag van die res van die blasers en strykers.

Die openingsbeweging word gevolg deur 'n roerende stadige beweging, waarna dit weer opbou tot 'n Scherzo en 'n kragtige einde – gepas vir hierdie besonderse program.



**ONBETWISTE VIRTUOOS** Leon Bosch saam met die USSO onder leiding van Corvin Matei. FOTO: MARISA GEYER

# Vurige liefdesmusiek neem Stellenbosse gehoor op 'n betowerende reis na Spanje

**CANCIONES DEL SUR.**
FISMERSAAL, MAANDAG
1 MAART, 20:15.

**LIZE SWARTZ**

Rooi rose rank om die musiek- en mikrofoonstaanders. 'n Rooi lap lê soos 'n bulvegtervlag op die grond. 'n Rooi houtstoel staan op 'n podium in die middel van die verhoog in die Fismer-saal.

James Grace (klassieke kitaar) sit op die stoel. Zanne Stapelberg (sopraan en saksofoon) en Minette du Toit-Pearce (alt en altviool) staan weerskante van hom.

Skielik word die luisteraar weggevoer na 'n soel somersaand in Spanje en klink 'n glasie met die trio saam met die klanke van liefde wat musiek geword het.

"Por Una Cabeza", 'n bekende Argentynse tango deur Carlos Gardel, het die toon vir die aand aangedui.

Grace het al die liedere begelei, terwyl Du Toit-Pearce en Stapelberg mekaar afgewissel het.

Daarna het die trio een van Joaquin Rodrigo se stukke uitgevoer. Die baie hartseer musiekstuk is met gevoel uitgevoer en Stapelberg se saksofoonspel het tot die somber atmosfeer bygedra.

Dit is gevolg deur 'n verwerking van Rodrigo se "Concierto de Aranhuez" (tweede beweging).

Pablo Neruda het vir hierdie gedig woorde geskryf, want Rodrigo was van driejarige ouderdom af blind en moes sy musiek in braille skryf.

Daar was ook musiek van onder meer Rossini en Granados. Tydens "Andaluza" van Granados was die altviool se intonasie nie perfek nie, maar Du Toit-Pearce het haar nie van stryk af laat bring nie.

'n Lied deur John Denver, asook "Tell Him" van Celine Dion en Barbara Streisand is ook in Spaans gesing. Stapelberg het vroeër aan die gehoor vertel dit is haar en Du Toit-Pearce se gunsteling-taal om in te sing en ook "James se gunsteling taal om in te speel".

Die konsert is afgesluit deur 'n Spaans-Afrikaanse weergawe van "Sarie Marais", wat die gehoor laat skater het.

*Canciones del Sur* was nie net die uitvoering van verskeie stukke nie. Dit was ook 'n vermaaklike verhaal van die emosies wat die Spaanse man en vrou beleef – passie, vurige, maar onbeantwoorde liefde en smart. Die vertoning was elke sent werd en word beslis aanbeveel.

*Minette du Toit-Pearce het in 2006 die ATKV-musiekkompetisie gewen, terwyl Zanne Stapelberg in 2008 wenner van Standard Bank Jong Kunstenaar vir musiek was. James Grace is hooflektor in klassieke kitaar aan die Universiteit van Kaapstad.

# lip SPORT






**'ON DE UDDER HAND'** Jan Snyman, Naas Botha, Rob Louw en Toks van der Linde maak rugbypraatjies by die dinee vir legendes. FOTO: CHIVIMBISO GAVA

'Lojaliteit is om alles te gee vir die trui wat jy aantrek'

## Oud-Springbokke praat oor goeie ou dae

**CASPER STRYDOM**

Rugby en grappies.

Dit was die algemene tema van Woensdagaand 3 Maart se dinee vir rugbylegendes waar elf oud-Springbokke informeel bymekaar gekom het om staaltjies uit hul rugbydae te deel.

Jan Snyman, bekende TV-en radiosportkommentator, het die gesprek aan die gang gekry.

"Julle kan bevoorreg voel, want dit gebeur min dat so baie rugbylegendes onder een dak is," het Snyman aan die sowat 150 rugby-geesdriftiges by die dinee gesê.

Mannetjies Roux, Dawie de Villiers, Dawie Snyman en Jan Boland Coetzee het die gehoor laat terugdink aan die dae toe spelers nog hul eie rugbystewels moes koop en 'n oorsese toer vier maande geduur het.

Die Mystic Trio het halftyd vir ligte vermaak gesorg terwyl ondersteuners saam met van hul gunsteling-rugbysterre by die buffet-tafel skouers geskuur het.

Later was Rob Louw, Naas Botha, Toks van der Linde en Breyton Paulse aan die woord. Botha, die destydse skopkoning, maar deesdae Supersport se kletskoning, het gesê hy het nie 'n probleem met unies wat hul spelers koop nie.

"Lojaliteit beteken die trui wat jy aantrek, is die trui waarvoor jy alles gee."

Die laaste groep manne wat gepraat het, was almal produkte van die Springboktoer na Nieu-Seeland in 1981. Tydens dié omstrede toer is die wedstryd in Hamilton ontwrig toe anti-apartheid betogers op die veld gestorm het. Meelbomme is ook vanuit 'n vliegtuig op die veld gegooi.

Hempies du Toit, Theuns Stofberg en Errol Tobias het erken dit was 'n moeilike maar goeie toer.

"In Nieu-Seeland was ons nie so bang nie. Die gebeure het ons as span nader aan mekaar gebring," het Stofberg, destydse Springbok-kaptein, vertel. Hy het later erken hulle het meer vrees op die daaropvolgende VSA-toer ervaar.

"In Amerika was die gewapende FBI-agente orals saam met ons. Anders as in Nieu-Seeland kon ons nie die VSA-betogers sien nie en het dus nie geweet wat om te verwag nie."



PHOTO: VANESSA SMEETS

**World Cup art ready for kick-off**

"Where sport, art and culture intersect" – that is the slogan for the Official FIFA World Cup Art Poster exhibition, which was on show from 1–6 March at the Woordfees. The exhibition featured thirteen artworks and encapsulates the hype and excitement that characterises the build-up to the FIFA World Cup.

The artists, from countries like Brazil, Cameroon, China and South Africa, were selected by the FIFA Art Committee.

Most of the posters exhibit soccer players in action and one such poster which stands out is "The bicycle kick" by South African-born artist William Kentridge. Still other artists chose to employ an environmental perspective such as German born Isolde Krams' "Red Elephant", which is an illustration of a red elephant with its trunk wrapped around what looks like a brown socccer ball and leaves.

Featured above is Zhong Biao's "Football Miracle".

*– Maphuti Mannya*

## *Wat van die 'hooligans' en fluitjieblasers?*

**WILLEMIEN CALITZ**

"Hoe filosofeer 'n mens oor sokker?" fluister die gehoor van die Filosofiekafee onder mekaar. Balle, kleedkamers en reëls kan tog nie met sielsdinge vergelyk word nie. Of kan dit?

Agt filosowe van die Universiteit Stellenbosch het aan 'n taai taalwedstryd deelgeneem waarin hulle eenvoudige sportterme in 'n breër konteks gedribbel het. Die wedstryd het verskil van vorige jare, omdat filosowe vanjaar op 'n een-tot-een basis moes kompeteer. Gerrit Brand het as fasiliteerder (oftewel "fluitjieblaser") opgetree.

Rondte Een: Prof. Anton van Niekerk het afgeskop deur sy "naam op die spel te plaas" met sy tema genaamd "spel". Hy is uitgestof deur sy opponent, dr. Vasti Roodt, met haar grappige toespraak oor reëls. Haar tien reëls om reëls te maak het so begin: Reël 1: Begin by reël een. Reël 2: Begin by reël een tensy jy reeds begin het.

Rondte Twee: *Hooligans*, oftewel sokkerboewe, is deur mnr. Servaas van den Berg bespreek.

Die teenstander en wenner, me. Minka Woerrman, het in haar rooi trui gepraat oor fluitjieblaas. "Ek beskuldig [Julius Malema] nie van sofisme nie, ek noem hom net 'n sofis." Sy het beweer die geraas wat Malema maak as hy praat, is volgens ontleding gelyk aan die klankgolwe van 'n vuvuzela.

Rondte Drie: Prof. Louise du Toit is gevra om uit 'n feministiese oogpunt oor balle te filosofeer. Sy het geredeneer dat vroue en balle een ding in gemeen het, naamlik om die wêreld oor te neem.

Du Toit het die skare behoorlik laat juig met haar gevolgtrekking dat "paalsporte" in plaas van balsporte meer beklemtoon moet word. Sy het as wenner bo dr. Hannes Smit uitgestyg.

Rondte Vier: Twee briljante filosowe het in die laaste rondte mekaar die stryd aangesê. Prof. Johan Hattingh het gespot die US wil 'n projek "Die Akademie vir die Bevordering van Professionele Vuilspel" van stapel stuur wat glo as 'n geheime kloosterorde sal funksioneer.

"Wat my geïnspireer het, is die skynheiligheid van ons almal," het hy gesê.

Prof. Paul Cilliers het met 'n roerende filosofie oor kleedkamers geëindig. "Die res van die wêreld word 'n kleedkamer, en jy sien iets van die werklikheid," is die eindsin wat die gehoor stilgemaak het.

## 'Vuvuzela' does theatre as a soccer fan's best friend

**VUVUZELA.**
WITH KATJA HOPKINS, LANÉL VAN DER KOLFF AND DEON LOURENS.
DIRECTION: ANÉL JOUBERT.
AAN DE BRAAK THEATRE, TUESDAY 2 MARCH, 18:00.

**MOIPONE KGATLE**

*"How can I enjoy my game without my vuvuzela?"*

Aan de Braak theatre swelled to life as African music swept over the room, setting the vibrant rhythm for the fast-paced production.

This physical theatre event emphasised the history behind the football fan's "noisemaker" and the significance it lends to South African football culture and nationality.

The three cast members' drawing of imaginary circles and curving lines made reference to the origins of the vuvuzela from the kudu horn as a symbol of praise.

It contrasts the depiction of the violent hooliganism that is part of European and Brazilian football culture but is foreign to ours.



**FAN FRENZY** The energetic cast of *Vuvuzela*. PHOTO: VANESSA SMEETS

The strongest scene is of the spectators at the stadium. The slow movement of the bodies and intense facial expressions portray the culture at the stadia and the moments in the game that seem to drag by at times.

Director Anél Joubert said the idea came from the controversy last year over vuvuzelas at the Confederations Cup.

The most remarkable and enjoyable feature about the play is its accessibility.

"The beauty of physical theatre is that everyone sees something different, there is no text or storyline to analyze," said Joubert.